

'N REGIEBENADERING
VAN
ANTON TSJECHOW
SE
OOM WANJA
DEUR

P. C. JANSEN VAN RENSBURG

Verhandeling voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan die
vereistes vir die graad Magister Artium Toneelkunde
aan die Potchefstroomse Universiteit vir
Christelike Hoër Onderwys
onder leiding van
Prof. dr. Teunis Botha

POTCHEFSTROOM
1974

DEEL III

REGISSEURTEKS

van

OOM WANJA

ANTON TSJECHOW

OOM WANJA

*Tonele uit die
Plattelandse Lewe
in Vier Bedrywe*

Oorspronklike titel: Djadja Wanja

Eerste opvoering in die Moskou

Kunsteater op 26 Oktober 1899

Vertaal deur Karel Schoeman

Eerste opvoering van die vertaling deur

TRUK op 23 Februarie 1967 in Pretoria

Met toestemming van



*Human & Rousseau
Kaapstad • Pretoria*

KARAKTERS

- ① *Aljeksánder Wladimirowitsj Serebrjaków,*
AFGETREDE PROFESSOR
- ② *Jeljéna Andréjewna (Ljénotsjka, Hélène),*
SY VROU, 27 JAAR OUD
- ③ *Sófja Aljeksándrowna (Sónjetsjka, Sónja),*
SY DOGTER UIT SY EERSTE HUWELIK
- ④ *Márija Wasiljewna Wainitskaja,*
WEDUWEE VAN 'N GEHEIME RAADSLID,
MOEDER VANDIE PROFESSOR SE EERSTE VROU
- ⑤ *Iwán Petrówitsj Wainitski (Wánja),*
HAAR SEUN
- ⑥ *Michail Ljówitsj Astrów,*
DOKTER
- ⑦ *Iljá Iljitsj Tjeljéghin,*
VERARMDE GRONDEIENAAR
- ⑧ *Marína,*
OU KINDEROPPASSTER
- ⑨ *'n Arbeider*

DIE STUK SPEEL AF OP
SEREBRJAKOW SE LANDGOED

EERSTE BEDRYF

*Die tuin. 'n Deel van die huis en die veranda is sigbaar. In die laning
Onder 'n ou populier is daar 'n tafel gedek vir tee. Banke en stoele;
op een van die banke lê daar 'n ghitaar. Naby die tafel 'n skommel.
— Tussen twee- en drie-uur namiddag. Die dag is betrokke.*

*Marina ['n swaar ou vrou wat traag beweeg, sit by die samowar en
brei aan 'n kous] en Astrow [stap naby haar heen en weer].* ||||

- 1 MARINA ^(a) [~~skink 'n glas tee~~ ^(b)]: Drink dit, doktertjie. || ^(c)
- 2 ASTROW [*neem die glas onwillig*]: Ek voel nie regtig lus nie.
- 3 MARINA: Miskien wil jy liewer 'n glasië wodka hê?
- 4 ASTROW ^(a): Nee. Ek drink nie elke dag wodka nie. ^(b) En bowendien,
dit is so benoud ||| ^(c) [*Pouse*] ^(d) Njánja, hoe lank ken ons mekaar
al?
- 5 MARINA [*nadenkend*] ^(a): Hoe lank? ^(b) Mag die Here my geheue help
... Jy het hierheen gekom, na hierdie geweste | ... ja, wanneer?
^(c) Wjéra Petrówna, Sónjetska se moeder, het toe nog gelewe. Jy het
ons twee winters besoek | voor haar dood | ^(d) Ja, dit is seker al elf
jaar. [*Dink na*] ^(e) Miskien nog langer, ..
- 6 ASTROW: Het ek in dié tyd baie verander?
- 7 MARINA ^(a): Baie. ^(b) Tóé was jy nog jonk en aantreklik, en nou het jy
heelwat ouer geword. Jy is ook nie meer so 'n ^(c) mooi man nie. En
dan | ^(d) Jy drink ook soms.
- 8 ASTROW ^(a): Ja, gedurende hierdie tien jaar het ek 'n ander mens ge-
word. ^(b) En waarom? ^(c) Te veel werk, njánja. Van soggens tot saans
is ek op die been, sonder rus, en snags wanneer jy onder die
komberse lê, is jy bang dat jy enige oomblik uitgesleep kan word
na 'n sieke. So lank as wat ons mekaar ken, het ek geen dag vry
gehad nie. Hoe kán dit anders as dat jy oud word? En dan is die
lewe self so geesdodend, so sinloos en vuil ... Dit suig jou in
soos 'n ^(d) moeras, hierdie lewe. ^(e) Om jou heen is daar net eienaardige
mense, 'n hele versameling eienaardige mense; en as jy so 'n twee,
drie jaar lank tussen hulle lewe, word jy gaandeweg, sonder dat

jy dit opmerk, self ook eienaardig. ^(f) Jy kan dit nie vryspring nie. ⁽⁹⁾

[Draai sy lang snor] ^(h) Kyk hoe lank is my snor nou al weer . . .

(i) Bespotlike snor. Ek het 'n eienaardige mens geword, njánja | . .

(j) Ek is nog nie onnosel nie, goddank, my verstand is nog gesond, maar my gevoel het stomp geword. Daar is niks waarna ek verlang nie, niks wat ek nodig het nie, niemand vir wie ek omgee nie | ^(k) . . het vir jou miskien nog. [Soen haar op haar kop] Toe ek 'n kind was, het ek net so 'n oppasster soos jy gehad.)

1 MARINA: Wil jy miskien iets eet?

2 ASTROW: Nee ^(a) | In die derde week van die Vastyd moes ek na Malitskoje gaan, daar was 'n epidemie . . . vlektifus . . . In die hutte het die mense sommer deurmekaar gelê . . . Vuil, stank, rook . . . kalwers op die grond saam met die siekes . . . jong varke ook ^(b) . . Die hele dag het ek daar geswoeg, sonder om te gaan sit, sonder om selfs 'n stukkie kos in my mond te kry, en toe ek by die huis kom, wou hulle my nóg nie laat rus nie – hulle het 'n seiner van die spoorweg na my toe gebring; ek het hom op die tafel neergelê om op hom te opereer, maar hy het nie beter geweet nie as om dood te gaan onder die narkose. En tóé, toe dit glad nie nodig was nie, word my gevoel in my wakker en begin my gewete my kwel, asof ek hom met opset doodgemaak het | ^(c) . . Ek het gaan sit, my oë toegemaak – so, en gedink: sal die mense wat honderd, tweehonderd jaar ná ons sal lewe en vir wie ons nou die pad baan, sal hulle ooit met dankbaarheid aan ons terugdink? | Nee, njánja ^(d) | hulle sal nie aan ons dink nie! >

3 MARINA: Die mense sal nie aan ons dink nie, maar God sal. ||

4 ASTROW: Dankie, njanja, dit het jy goed gesê. ||||

[Wainitski op] ||||

(2)

5 WAINITSKI [kom uit die huis; hy het ná die ete gaan slaap en sien daar slordig uit; hy gaan sit op die bank en trek sy elegante das reg] ^(a) Ja ||| ^(b) . [Pouse] Ja ^(c) .

6 ASTROW: Het jy goed geslaap?

7 WAINITSKI ^(a) Ja || ^(b) . . baie goed. [~~Gaan~~] || Sedert die professor en sy vrou hier kom bly het, is ons lewe heeltemal onderstebo | . . Ek slaap op ongereelde tye, eet allerhande snaakse dinge vir middag-

ete en aandete, drink wyn . . . alles ongesond! Vroeër het ons geen oomblik vry gehad nie, Sónja en ek het gewerk dat dit kraak, maar nou werk Sónja alleen, en ek slaap, eet, drink . . . Dis nie goed nie!>

1 MARINA [^(a)*skud haar kop*]: So 'n deurmekaarspul! ^(b)Die professor staan om twaalfuur op, maar die samowar kook al van soggens af. ^(c)Vroeër het ons om twaalfuur geëet, soos al die ander mense, ^(d)maar nou is dit ná sesuur. ^(e)Snags sit die professor en lees en skryf, ^(f)en dan om twee-uur word daar skielik gelui . . . Liewe vader, wat makeer? ^(g)Tee! Net vir hom moet mense wakker gemaak word, die samowar moet reggesit word . . . 'n Deurmekaarspul!>

2 ASTROW: En gaan hulle nog lank hier bly?

3 WAINITSKI [*fluit*]: Honderd jaar! Die professor het besluit om hom hier te vestig.>

4 MARINA ^(a)Kyk nou, byvoorbeeld. ^(b)Die samowar staan al twee uur op tafel, en hulle het gaan stap.>

5 WAINITSKI: ^(a)Hulle kom al, hulle kom . . . Moenie ontsteld raak nie.

^(b)|| [*Daar word stemme gehoor: agter uit die tuin kom Serebrjakow, Jeljena Andrejewna, Sonja en Tjeljeghin terug van 'n wandeling*]

6 SEREBR JAKOW: ^(a)Baie mooi, baie mooi || ^(b)Pragtige uitsig. . .

7 TJEL JEGHIN: Wonderlik, Eksellensie. ←

8 SONJA: Môre gaan ons na die plantasie, Pappie. Kom jy saam?>

9 WAINITSKI: Tee, dames en here!>

10 SEREBR JAKOW: ^(a)Vriende, wees so goed om my tee na my studeerkamer te bring. Ek het vandag nog 'n paar dingetjies te doen.

11 SONJA: ~~Ek is seker dat jy van die plantasie sal hou . . .~~

[Jeljena Andrejewna, Serebrjakow en Sonja gaan die huis binne. Tjeljeghin stap na die tafel en gaan sit langs Marina]

12 WAINITSKI: ^(a)Dit is warm en benoud, maar ons groot geleerde trek 'n oorjas aan. ^(b)hy dra oorskoene en handskoene en neem 'n sambreel saam.

13 ASTROW: Dit wys dat hy homself oppas.

14 WAINITSKI: En is sy nie mooi nie? Is sy nie mooi nie? Nooit in my lewe het ek 'n mooier vrou gesien nie.>

15 TJEL JEGHIN: ^(a)Of ek nou deur die velde ry, Marina Timoféjewna,

of stap in die skadu van die tuin, of kyk na hierdie tafel – ek voel wonderlik gelukkig! Die weer is pragtig, die voëls sing, ons lewe almal in eendrag en vrede – wat kan mens nog meer verlang?

[Neem 'n glas aan] My innige dank!

1 WAINITSKI [^(a)*dromerig*]: Haar oë... 'n Wonderlike vrou! ^(a)|||

2 ASTROW: Vertel ons iets, Iwán Petrówitsj.

3 WAINITSKI [*lusteloos*]: Wat moet ek julle vertel?

4 ASTROW: Het daar niks nuuts gebeur nie?

5 WAINITSKI: ^(b)Niks. ^(b)Alles is dieselfde. ^(c)Ek is nog net soos ek was; miskien slegter, want ek het lui geword, ek doen niks nie en brom net soos 'n beer. ^(d)Maman, my ou kraai, praat nog altyd oor die bevryding van die vrou; met één oog kyk sy reeds in die graf, en met die ander soek sy in haar geleerde boeke na die daglumier van 'n nuwe lewe. ^(e)

6 ASTROW: ^(a)En die professor?

7 WAINITSKI: ^(a)En die professor sit soos vroeër van die oggend tot laat in die nag in sy studeerkamer en skryf. „Met gees gespanne, hoof gefrons/ moet ons aan 't skrywe bly:/ maar nòg ons verse nòg onself/ sal daar ooit lof voor kry.”* Die arme papier! Dit sou beter wees as hy sy lewensgeskiedenis geskryf het. Dit sou nou 'n pragtige onderwerp wees! 'n Afgetrede professor, 'n stuk uitgedroogde beskuit, 'n geleerde stokvis... Jig, rumatiek, skeelhoofpyn, 'n lewer wat aangetas is deur afguns en nyd... Die stokvis bly op die landgoed van sy eerste vrou, al is dit onwillig, omdat hy dit nie kan bekostig om in die stad te woon nie. Hy kla gedurig oor hoe ongelukkig hy is, maar in werklikheid is hy besonder gelukkig. [*Senuweeagtig*]: Dink net hoe gelukkig! Die seun van 'n eenvoudige koster, opgelei in 'n kweekskool, kry universiteitsgrade en 'n leerstoel, word Eksellensie, die skoonseun van 'n Senator, ensovoorts, ensovoorts. ^(d)Maar dit is alles nie belangrik nie. Dink nou ^(e)hieraan. Die man lees en skryf reeds vyf-en-twintig jaar lank oor die kuns sonder dat hy iets van die kuns af weet^(f)! Vyf-en-twintig jaar lank herkou hy ander mense se gedagtes oor

* Uit 'n satire van Dmitriew

die realisme, naturalisme en allerhande ander onsin, vyf-en-twintig jaar lank lees en skryf hy oor dinge wat geleerde mense reeds lankal weet en wat die ongeleerdes nie wíl weet nie – met ander woorde, vyf-en-twintig jaar lank is hy besig om water in 'n sif te gooi.⁽⁹⁾ En dan nog so 'n hoë dunk van sy eie belangrikheid! Hy het reeds afgetree, en daar is geen mens wat iets van hom af weet nie, hy is heeltemal onbekend; wat beteken dat hy vyf-en-twintig jaar lank net iemand anders se plek in beslag geneem het. En dan loop hy hier rond soos 'n halfgod.)

1 ASTROW: (Ek kry die indruk dat jy afgunstig is op hom.)

2 WAINITSKI: (Ja, ek is! En daarby nog sy welslae met vroue! Geen Don Juan het ooit so iets geken nie! Sy eerste vrou, my suster, 'n mooi, liefdevolle skepsel, so rein soos die blou hemel, edel en met meer bewonderaars as wat hy ooit leerlinge gehad het – sy het hom liefgehad soos net reïne engele andere kan liefhê wat so rein is soos hulleself. My moeder, sy skoonmoeder, verafgood hom nou nog, en nou nog boesem hy haar 'n heilige ontsag in. Sy tweede vrou, beeldskoon en intelligent – jy het haar so pas gesien – is met hom getroud toe hy reeds oud was en het hom haar jeug, haar skoonheid, haar vryheid, haar helderheid gegee. Waarom? Waarvoor?)

3 ASTROW: Is sy die professor getrou?)

4 WAINITSKI: (Ongelukkig wél.)

5 ASTROW: (Waarom ongelukkig?)

6 WAINITSKI: (Omdat haar trou van begin tot end oneg is. Daar is heelwat retorika in, maar geen logika nie. Om 'n ou man wat jy nie kan verdra nie, te bedrieg, is onsedelik; maar om haar arme jeug en haar gevoel in haar te onderdruk, dit is nie onsedelik nie.

7 TJELJECHIN [*met 'n builerige stem*]: Wánja, ek hou nie daarvan dat jy so praat nie.^(a) Regtig waar . . . Iemand wat sy vrou of haar man ontrou is, is 'n troulose mens, en hy sou sy vaderland ook ontrou kan wees.

8 WAINITSKI [*vererg*]: Kry end, Wafel.

9 TJELJECHIN:^(a) Verskoning, Wánja. Omdat ek so onaantreklik is,^(b) het my vrou die dag ná ons troue van my weggegaan met die man

wat sy liefhet. Maar ek het my ^(c)plig gedoen. Ek het haar vandag nog lief, ek het haar getrou gebly, ek help haar sover ek kan, en alles wat ek besit, het ek weggegee vir die opvoeding van die kinders wat sy by haar minnaar gehad het. Ek het my geluk verloor, maar my trots het ek behou. En sy? Haar jeug is verby, haar skoonheid het verwelk ingevolge die wet van die natuur, haar minnaar is dood . . . ^(d)Wat het sy oorgehou?

(4)

[*Sonja en Jeljena Andrejewna op; 'n bietjie later kom Marija Wasiljewna met 'n ^{Broek}book; sy gaan sit en lees; iemand gee haar tee aan, en sy drink sonder om daarna te kyk*]

1 SONJA [*haastig aan die oppasster*]: Daar het van die boerevolk gekom, njánja. Gaan praat met hulle, ek sal vir die tee sorg . . . [Skink tee]

[*Die oppasster af. Jeljena Andrejewna neem haar koppie en gaan op die skommel sit en drink*]] ^(a)

2 ASTROW [*aan Jeljena Andrejewna*]: ^(a)Ek het gekom om u man te sien. U het geskryf dat hy ernstig siek is, rumatiek en nog iets ^(b)anders. ^(c)J. Dit kom my egter voor dat hy heeltemal gesond is.

3 JELJENA ANDREJEWNA: Gisteraand was hy ongesteld, hy het gekla oor pyn in sy bene, en vandag is dit oor . . .

4 ASTROW: ^(a)En ek kom halsoorkop dertig werst aangeja. Nou wel, daar is niks aan te doen nie; ^(b)dit is nie die eerste keer nie.

^(c)Daarvoor sal ek tot môre by julle ^(d)bly en ten minste *quantum satis* uitslaap.

5 SONJA: ^(a)Wonderlik. Dit gebeur so selde dat u by ons oornag. U het vanmiddag seker nog nie geëet nie?

6 ASTROW: Nee, ek het nie.

7 SONJA: Dan kan u met ons saam eet. Ons eet teenswoordig tussen ses en sewe. ^(a)[Drink] ^(b)Die tee is koud.

8 TJELJEGHIN: Ja waarlik, die temperatuur van die samowar het aanmerklik gedaal.

9 JELJENA ANDREJEWNA: Dit maak nie saak nie, Iwán Iwánitsj, ons drink die tee ook koud.

10 TJELJEGHIN: Verskoning . . . Ek heet nie Iwán Iwánitsj nie, maar Iljá Iljitsj . . . Iljá Iljitsj Tjeljéghin, oftewel Wafel soos sommige

mense my noem vanweë die pokmerke op my gesig. Ek was indertyd Sónjetsjka se peetoom, en Sy Eksellensie, u man, ken my heel goed. Op die oomblik woon ek hier by u op hierdie landgoed . . . Soos u miskien goedgegunstiglik opgemerk het, sit ek elke dag met u aan vir die middagmaal.

1 SONJA: Iljá Iljitsj is ons steun, ons regterhand $\parallel$. . [Liefdevol]:
(b) Kom, peetoom, laat my weer vir jou insink. $\parallel$ (c)

2 MARIJA WASILJEWNA: Ag tog!

3 SONJA: Wat makeer, Ouma?

4 MARIJA WASILJEWNA: Ek het vergeet om vir Aljeksánder te sê . . . my geheue tog. (a) Ek het vandag 'n brief uit Chárkow gekry van Páwel Aleksejéwitsj. (b) Hy stuur my sy nuwe pamflet . . .

5 ASTROW: Interessant?

6 MARIJA WASILJEWNA: Interessant ja, maar nogal vreemd. Hy weerlê alles wat hy sewe jaar lank self verdedig het. Dis ontsettend!

7 WAINITSKI: Dit is glad nie ontsettend nie. Drink jou tee, *maman*.

8 MARIJA WASILJEWNA: Maar ek wil praat!

9 WAINITSKI: Ons is tog al vyftig jaar lank besig om te praat en pamflette te lees. Dit begin nou tyd word om daarmee op te hou.

10 MARIJA WASILJEWNA: (a) Om een of ander rede wil jy nie luister wanneer ek praat nie. (b) Verskoon my, Jean, maar gedurende die afgelope jaar het jy so verander dat ek jou nie meer ken nie . . . Vroeër was jy 'n man van vaste oortuigings, 'n liggende figuur . . .

11 WAINITSKI: (a) O ja! Ek was 'n liggende figuur wat niemand verlig het nie . . . [Pouse] Ek was 'n liggende figuur. (b) Jy sou nie 'n venyniger grap kon maak nie $\parallel$ Ek is nou sewe-en-veertig jaar oud. Tot 'n jaar gelede het ek net soos jy probeer om my met al jou geleerdheid te verblind sodat ek die werklike lewe nie sou raaksien nie. Ek het geglo dat ek die regte ding doen. Maar nou – as jy maar net geweet het! Ek lê snags wakker van ergernis, van woede, dat ek my tyd so verspil het terwyl ek alles kon gehad het wat my ouderdom nou onmoontlik maak!

12 SONJA: Oom Wánja, jy word nou vervelig!

13 MARIJA WASILJEWNA [aan haar seun]: Dit klink asof jy jou vroeëre oortuigings die skuld wil gee . . . Maar dis nie hulle wat

- skuld het nie, dis jy. Jy het vergeet dat oortuigings sonder meer niks is nie, 'n dooie letter. Jy moes iets gedoen het.)
- 1 WAINITSKI: Iets gedoen het? Elkeen van ons kan tog nie 'n skrywende *perpetuum mobile* wees soos jou Herr Professor nie.)
- 2 MARIJA WASIL JEWNA: Wat bedoel jy daarmee?)
- 3 SONJA [*smekend*]: Ouma! Oom Wánja! Asseblief! || (b)
- 4 WAINITSKI: Ek swyg. Ek swyg en vra om verskoning. ||| (b)
- [Pouse]
- 5 JEL JENA ANDRE JEWNA: Die weer is vandag mooi . . . Nie te warm nie. ||| (b)
- [Pouse]
- 6 WAINITSKI: Pragtige weer om jou op te hang.)
- ~~[Tjefjoghin stem sy ghitaar. Marina loop by die huis heen en weer en roep die boenders]~~
- 7 MARINA: Kiep-kiep-kiep . . . |
- 8 SONJA: Njánja, wat wou die boere gehad het? (a)
- 9 MARINA: Altyd maar dieselfde ding, al weer die braakgrond. Kiep-kiep-kiep . . .
- 10 SONJA: Waarna roep jy?
- 11 MARINA: Die bont hennetjie het met haar kuikens weggeloopt . . . Die kraaie sou hulle kan beetkry . . . [Af] Kiep, Kiep, Kiep . . . ||| (c)
- ~~[Tjefjoghin speel 'n polka, almal luister swygend; 'n arbeider op]~~
- 12 DIE ARBEIDER: Is die dokter hier? [Aan Astrow]: Asseblief, Michail Ljówitsj, hulle het jou laat roep.
- 13 ASTROW: Waarvandaan?
- 14 DIE ARBEIDER: Van die fabriek.
- 15 ASTROW [*geïrriteerd*]: Dankie. Nou wel, dan sal ek maar moet gaan . . . ~~[Kyk rond om sy pet te soek]~~ Verduiwelde gesanik . . .
- 16 SONJA: Is dit nie onaangenaam nie, werklik . . . Kom eet dan tog ten minste vanmiddag by ons wanneer u van die fabriek terugkom.
- 17 ASTROW: Nee, dit sal te laat wees. Jammer. Daar is niks aan te doen nie. [Aan die arbeider]: Gaan kry gou vir my 'n glasie wodka, kêrel. [Die arbeider af] Daar is niks aan te doen nie. ~~[Kind sy pet]~~ In een van Ostrowski se toneelstukke is daar 'n man met 'n

groot snor en 'n klein verstand. Net soos ^(d)ek. Dames en here, ek ^(e)groet u . . . [*Aan Jeljena Andrejewna*] ^(f)As u eendag miskien daarna sou voel om my te kom besoek, met Sófja Aljeksándrowna, sal ek werklik verheug wees. Ek het nie veel grond nie, net dertig hektare, maar as u miskien belang stel, ek het 'n modeltuin en 'n boomkwekery soos u nie vir 'n duisend werst in die omtrek sal vind nie. En langs my is die bosbouery van die Staat . . . Die bosbouer daar is oud en siek, sodat ek eintlik vir die hele woud moet sorg.

1 JELJENA ANDREJEWNA: Ek het al gehoor dat u so belangstel in bosbou. Dit is natuurlik baie nuttige werk, maar hinder dit u nie in u eintlike beroep nie? U is tog dokter.

2 ASTROW: Net God weet wat 'n mens se eintlike beroep is.

3 JELJENA ANDREJEWNA: En is dit interessant?

4 ASTROW: Ja, dit is interessante werk.

5 WAINITSKI [*ironies*]: Baie interessant!

6 JELJENA ANDREJEWNA: U is nog 'n jong man, moontlik . . . ses-en-dertig – sewe-en-dertig . . . en dit kan tog nie so interessant wees soos u sê nie. Altyd maar bome en nog bome. Dit klink vir my eentonig.

7 SONJA: Nee, dit is besonder interessant. ^(a)Michaíl Ljówitsj plant elke jaar nuwe bome aan, en hy het al 'n bronsmedalje en 'n diploma daarvoor gekry. En hy veg daarvoor dat al die ou bosse nie vernietig word nie. As jy na hom luister, sal jy volkome met hom saamstem. Hy sê dat woude 'n sieraad vir die land is, dat hulle die mens leer om mooi dinge te begryp en hom 'n gevoel vir ^(b)verhewe dinge gee. Woude maak 'n ruwe klimaat ^(c)milder. In lande met 'n milde klimaat is daar minder krag nodig om die natuur te bestry, en die mense daar is ook meer saggeaard en fyngevoelig; hulle is mooi, lenig, sensitief, hulle taal is elegant, hulle bewegings is grasieus. Kuns en wetenskap bloei onder hulle, hulle lewensbeskouing is nie somber nie, hulle behandel die vroue hoflik . . .

8 WAINITSKI [*laggend*] ^(a): Bravo! bravo! ^(b). Dit is alles baie mooi, maar dit is nie oortuigend nie, dus sal jy [*aan Astrow*], my vriend,

my seker maar toelaat om my kaggel met hout te stook en my skure van hout te bou.

1 ASTROW: ^(a)Jy kan jou kaggel met turf stook en jou skure van klip bou. Ek gee nie om dat julle hout kap as dit nodig is nie, maar waarom moet die woude uitgeroei word? Oral in Rusland slaan die woude neer onder die byl, miljoene bome vergaan, die skuilplekke van die diere en voëls word vernietig, die riviere loop leeg en droog op, die pragtigste stukke natuur is besig om vir goed te verdwyn, en dit alles net omdat die mens in sy luiheid nie genoeg verstand het om te buk en brandhout van die grond af op te tel nie. [*Aan Jeljena Andrejewna*]: Is dit nie so nie, ^(b)mevrou? Ons moet tog barbare sonder die minste begrip wees om sulke skoonheid in ons kaggels te verbrand, en te verniel wat ons self nie kan voortbring nie. Die mens besit die verstand en die skeppingskrag om dit wat aan hom gegee is, te vermeerder, maar tot dusver het hy nog niks geskep nie, net vernietig. Die woude word steeds minder, die riviere verdroog, die wilde diere is besig om uit te sterf, die klimaat is bederf, en die land word met die dag ^(c)armer en leliker. [*Aan Wainitski*]: Jy kyk my ^(d)spottend aan en die dinge wat ek sê, klink vir jou nie baie oortuigend nie, en . . . en miskien is dit ook net malligheid, maar ^(e)wanneer ek by die woude van die boere verbygaan wat ek van die byl gered het, of wanneer ek die jong bome hoor ruis wat ek met my eie hande geplant het, besef ek dat die klimaat ook in 'n mate in my mag is, en dat ek ook in 'n mate daarvoor verantwoordelik sal wees as die mens oor 'n duisend jaar gelukkig is. ^(f)As ek 'n berkeboomplant en sien hoe dit groen word en wieg in die wind, dan is my hart vol trots en ek . . . [*Sien die arbeider wat hom 'n glas wodka op 'n skinkbord gebring het*] ^(g)Origens ^(h)[*Drink*] ⁽ⁱ⁾Ek moet gaan. Dit is alles waarskynlik net malligheid. Ek groet u, [*Stap na die huis*]

2 SONJA [~~stook haar arm deur syne en~~ gaan met hom saam]: 'Wanneer kom u weer terug?'

3 ASTROW: 'Ek weet nie.'

4 SONJA: 'Weer oor 'n maand? . . .'

[*Astrow en Sonja gaan die huis binne;* Marija Wasiljewna ~~en~~

(6)

(a)

Tjeljeghin bly by die tafel sit; Jeljena Andrejewna en Wainitski stap na die veranda}

1 JELJENA ANDREJEWNA: Jy het jou weer onmoontlik gedra, Iwán Petrówitsj. Waarom moet jy Márija Wasiljewna ontstel en van *perpetuum mobile* praat? En vanmiddag aan tafel het jy weer rusie gekry met Aljeksánder. Dit is tog alles so kinderagtig.

2 WAINITSKI: En as ek hom dan haat?

3 JELJENA ANDREJEWNA: Daar is geen rede waarom jy Aljeksánder sou haat nie, hy is presies net soos elke ander mens. Hy is nie slegter as jy nie.

4 WAINITSKI: As jy net jou gesig, jou bewegings kon sien . . . Hoe lusteloos is jy tog! Ag, hoe lusteloos!

5 JELJENA ANDREJEWNA: Ja, lusteloos en verveeld. Almal verwyт my man, almal kyk my vol medelye aan en dink: arme vrou, sy het 'n ou man. Hoe goed verstaan ek hulle meegevoel nie! Soos Astrów nou net gesê het: julle verniel almal roekeloos die woude, en binnekort sal daar niks meer op aarde oorbly nie. Net so vernietig julle mense roekeloos, en binnekort sal daar danksy julle geen trou, geen reinheid, geen offervaardigheid meer op aarde wees nie. Waarom kan julle nooit sonder bygedagtes na 'n vrou kyk nie tensy sy aan julle behoort? Ja, die dokter is reg – omdat die duiwel van die vernielsug van julle almal besit geneem het. Julle voel niks vir die woude nie, of vir die voëls, of vir vroue, of vir mekaar, . .

6 WAINITSKI: Ek hou nie van hierdie moralisering nie. ||| (a)

[Pouse]

7 JELJENA ANDREJEWNA: (a) Die dokter se gesig is tog so moeg, so gevoelig. ||| (b) 'n Interessante gesig. Dit is duidelik dat Sónja van hom hou; sy is op hom verlief, en ek kan dit begryp. Solank ek hier is, het hy al drie keer hierheen gekom, maar ek is te teruggetrokke, ek het nog nie een keer behoorlik met hom gepraat nie, of hom vriendelik behandel nie. Hy sal dink dat ek maar 'n onaangename mens is. (c) Dit is seker waarom óns sulke goeie vriende is, Iwán Petrówitsj, omdat ons albei sulke oninteressante, vervelige mense is. Ja, vervelig! (d) Moenie so na my kyk nie, ek hou nie daarvan nie.)

- 1 WAINITSKI: ⁽⁴⁾ Hoe kan ek dan anders na jou kyk as ek jou liefhet? Jy is my lewe, my vreugde, my geluk! Ek weet dat my kanse gering is, dat ek geén kans staan nie, maar ek begeer niks nie, net om na jou te kyk, om na jou stem te luister, . .
- 2 JEL JENA ANDRE JEWNA: ⁽⁵⁾ Stil, hulle kan jou hoor! [~~Sy gaan die huis binne~~]
- 3 WAINITSKI [~~volg haar~~]: ⁽⁶⁾ Laat my oor my liefde praat, moet my nie wegja nie, en dit sal vir my die grootste geluk wees) . .
- 4 JEL JENA ANDRE JEWNA: ⁽⁷⁾ Wat 'n marteling tog! . . . [~~Albei verdwyn in die huis~~]
 [Tjeljeghin slaan die snare en speel 'n polka; Marija Wasiljewna skryf iets in die kantlyn van haar pamflet] ||| (b)

Skerm

T W E E D E B E D R Y F

①

Eetkamer in Serebrjakow se huis. Nag. In die tuin hoor mens die nagwag klop.

Serebrjakow [*sit in 'n leunstoel voor die oop venster en sluimer*] en Jeljena Andrejewna [*sit langs hom en sluimer ook*]. |||^(a) |||^(b) |||^(c) |||^(d)

1 SEREBR JAKOW [*word wakker*]: Wie is daar? Sónja, is dit jy?

2 JEL JENA ANDRE JEWNA: Dit is ek.

3 SEREBR JAKOW^(a) Jy, Ljénjotsjka . . . ^(b) Ek het vreeslik pyn!

4 JEL JENA ANDRE JEWNA^(a) Die deken het afgegly. ^(b) [*Draai dit om sy bene*] Ek sal die venster toemaak, Aljeksánder.

5 SEREBR JAKOW: Nee, ek voel benoud |||^(a) |||^(b). Ek het net aan die slaap geraak, toe droom ek dat my linkerbeen nie aan my behoort nie. Ek het wakker geword van die vreeslike pyn |||^(c) Nee, dis nie jig nie, eerder rumatiek |||^(e) |||^(f) |||^(a). Hoe laat is dit nou?)

6 JEL JENA ANDRE JEWNA: Twintig oor twaalf.
[*Pouse*] |||^(c)

7 SEREBR JAKOW: Jy moet môre vroeg seek of jy Bátjoesjkow in die biblioteek kan vind. Ek meen dat ons sy werke het.)

8 JEL JENA ANDRE JEWNA: Wat?

9 SEREBR JAKOW: Jy moet môre vroeg Bátjoesjkow seek. ^(e) Ek onthou dat ons hom gehad het. Waarom haal ek tog so swaar asem?

10 JEL JENA ANDRE JEWNA: Jy is moeg, dit is al die tweede nag dat jy nie slaap nie.

11 SEREBR JAKOW: Hulle sê dat Toergénjew hartkramp gekry het van jig. Ek is bang dat dit met my net so sal gaan. ^(e) Die vervloekte, afgryslike ouderdom! Sedert ek begin oud word het, het ek vir myself haatlik geword. En julle sien my seker ook met teensin hier voor julle oë.)

12 JEL JENA ANDRE JEWNA: Jy praat oor jou ouderdom asof dit óns skuld is dat jy oud is.)

13 SEREBR JAKOW: Jy is die eerste wat my verafsku.)

~~[Jeljena Andrejewna staan op en gaan oenkant sit]~~

- 1 SEREBR JAKOW: ^(a) Natuurlik, jy het gelyk. Ek is nie onnosel nie, ek begryp dit. Jy is jonk, gesond, mooi, jy wil lewe, en ek is 'n ou man, byna al 'n lyk. Hoe sou ek dan nie verstaan nie? En dit is natuurlik onbehoorlik dat ek nog lewe. ^(b) Maar wag net nog 'n rukkie, ek sal julle gou verlos. Ek sal nie lank meer lewe nie.)
- 2 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a) Ek is doodmoeg . . . Hou in hemelsnaam ^(op.)
- 3 SEREBR JAKOW: ^(a) Dit kom daarop neer dat álmal danksy my doodmoeg is . . . Almal is teneergedruk, almal verspil hulle jeug, en net ek geniet die lewe en voel tevrede. ^(b) O ja, natuurlik!)
- 4 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a) Hou op! Jy put my uit!)
- 5 SEREBR JAKOW: ^(a) Ek put almal uit. Natuurlik.)
- 6 JEL JENA ANDRE JEWNA [*met trane*]: ^(b) Dis ondraaglik! Sê ten minste wat jy van my wil hê.)
- 7 SEREBR JAKOW: ^(a) Niks.)
- 8 JEL JENA ANDRE JEWNA: Bly dan tog stil. Ek smee jou ^(a)
- 9 SEREBR JAKOW: Eienaardig, as Iwán Petrówitsj of daardie ou idioot van 'n Márija Wasíljewna iets te sê het, is dit uitstekend, almal luister. Maar as ek net 'n enkele woord sê, begin almal dadelik elendig voel. Selfs die klank van my stem is vir hulle ondraaglik. Goed, laat ons toegee dat ek ondraaglik is, 'n egoïs, 'n tiran – maar het ek dan selfs op my oudag nie die reg om 'n egoïs te wees nie? Het ek dit dan werklik nie verdien nie? Ek vra jou, het ek werklik nie die reg op 'n rustige oudag nie, op 'n bietjie toegeeflikheid van ander mense?)
- 10 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a) Niemand betwis jou jou regte nie. [~~Die venster klap toe in die wind~~] Die wind kom op, ek gaan die venster toemaak. [^(b) Maak die venster toe] Dit gaan netnou begin reën. Niemand betwis jou jou regte nie. ^(d) [^(c) Pouse; die nagwag klop ~~en sing~~]
- 11 SEREBR JAKOW: Jy wy jou hele lewe aan die wetenskap, jy raak gewoond aan jou studeerkamer, aan die lesingsaal, aan die geselskap van geëerde kollegas – en dan meteens kom jy sonder meer in hierdie kerker tereg, dag na dag moet jy in onnosele mense vas-kyk, onsinnige gesprekke aanhoor! Ek wil lewe, ek is nou een-

maal lief vir prestasies, roem, eerbetoon, en hiér – dis soos ballingskap. Om elke oomblik te treur oor die verlede, om die wel-slae van ander mense te sien, om bang te wees vir die dood . . . Ek kan nie. Ek het geen krag daarvoor nie! En dan wil julle my nie vergewe omdat ek oud is nie.

1 JEL JENA ANDRE JEWNA : Wag maar, wees geduldig : oor vyf of ses jaar sal ek ook oud wees.)

([Sonja op])

2 SONJA : Pappie, jy het self vir ons gesê ons moet dokter Astrów laat kom, en nou dat hy hier is, wil jy hom nie ontvang nie. Dis tog nie reg nie. Jy kan iemand nie so vir niks lastig val nie . . .

3 SEREBR JAKOW : Waarvoor het ek jou Astrów ~~dan nog~~ nodig? Hy weet soveel van die medisyne soos ek van sterrekunde af weet.

4 SONJA : Ons kan tog nie die hele mediese fakulteit hierheen laat kom vir jou jig nie.

5 SEREBR JAKOW : Ek wil nie met daardie idioot praat nie.

6 SONJA : Net soos jy wil. [~~Gaan sit~~] Dit kan my nie skeel nie. || (a)

7 SEREBR JAKOW : Hoe laat is dit nou?

8 SONJA : Byna eenuur.

9 SEREBR JAKOW : Ek kan nie ^(a) asemhaal nie . . . Sonja, | gee ~~my~~ my druppels ^{hier} ~~aan wat daar op die tafel staan, staander aan.~~ | (c)

10 SONJA : Goed, Pappie || [~~Gee hom die druppels~~] ,

11 SEREBR JAKOW [~~ontstem~~] : (Ag, nie hierdie nie! Mens kan nie eers meer iets vra nie!)

12 SONJA : ^(a) Moet asseblief nie so moeilik wees nie. Miskien is daar sommige mense wat daarvan hou, maar spaar my asseblief! Ek ^(b) ~~hou~~ nie daarvan nie. En in elk geval, ek het geen tyd nie, ek moet môre vroeg opstaan, ons moet hooi maak. | (c)

[Wainitski op in 'n kamerjas met 'n kers in die hand]

13 WAINITSKI : Daar is 'n storm aan die kom. [~~Woorlig~~] Kyk net! ~~Gaan slaap julle. Ek sal by hom bly. Helene en Sonja, gaan slaap, ek het julle kom aflos.~~

14 SEREBR JAKOW [~~verskrik~~] : Nee, nee, moenie my met hom alleen laat nie! Nee. Hy sal my doodpraat!

15 WAINITSKI : Maar hulle moet tog ook rus! Dit is al die tweede nag dat hulle nie slaap nie.

- 1 SEREBR JAKOW: Laat hulle gaan slaap, maar gaan jy dan ook. Ek dank jou. Ek smeeek jou. In die naam van ons vroeëre vriendskap, moenie teëstribbel nie. Ons sal later gesels.)
- 2 WAINITSKI [*lag spottend*]: 'Ons vroeëre vriendskap . . . Vroeër, . .
- 3 SONJA: 'Bly nou stil, oom Wánja.) ^(a)
- 4 SEREBR JAKOW [*aan sy vrou*]: 'My liefling, moenie my met hom alleen laat nie. Hy sal my doodpraat.)
- 5 WAINITSKI: 'Dit word nou belaglik.)
[*Marina op met 'n kers*]
- 6 SONJA: 'Jy behoort in die bed te wees, njánja, dis al laat.)
- 7 MARINA: 'Die samowar staan nog op die tafel. Hoe sou ek dan gaan slaap?)
- 8 SEREBR JAKOW: 'Niemand slaap nie, almal is doodmoeg, ^(a)het ek is oorweldig met geluk.!
- 9 MARINA [*gaan na Serebrjakow, liefdevol*]: 'Wat makeer, meneer? Pyn dit? Ek het ook pyn in my bene . . . [*Trek die reisdeken reg*] ^(c) Jy het al lankal hierdie moeilikheid. Oorlede Wjéra Petrówna, Sónjetsjka se moeder, ^(d)het soms nagte aaneen nie geslaap nie, sy het haar so bekommer . . . Sy was baie lief vir jou ^(e)|| [*Pouse*] Ou mense is soos kinders, hulle hou daarvan dat iemand vir hulle jammer voel, ^(f)maar niemand het medelye met ou mense nie ^(g). [*Soen Serebrjakow op die skouer*] Kom, meneer, kom bed toe . . . Kom, my hartjie . . . Ek sal jou 'n bietjie lindeblomtee gee en jou bene ^(h)warm maak . . . ek sal die Here vir jou bid . . .
- 10 SEREBR JAKOW [*ontroer*]: ~~Laat ons gaan, Marina.~~ ^(a)
- 11 MARINA: 'My bene pyn ook, sulke pyn . . . [*Bring hom saam met Sonja weg*] Wjéra Petrówna was ook so dikwels bekommerd ge-wees, sy het dikwels gehuil. ^(b)|| Jy was toe nog klein, Sónja, jy het niks daarvan af geweet nie . . . Kom maar, meneer, kom . . . [*Serebrjakow, Sonja en Marina af*] ^(c)|| ^(d)
- 12 JEL JENA ANDRE JEWNA: Hy het my heeltemal uitgeput. Ek kan nouliks nog op my voete staan. ^(a)||
- 13 WAINITSKI: Jý is uitgeput van hóm, en ék – van myself. ^(a)Dit is al die derde nag dat ek nie slaap nie.)
- 14 JEL JENA ANDRE JEWNA: 'Daar is iets verkeerd met hierdie huis. Jou

moeder haat alles met uitsondering van haar pamflette en die professor; die professor is ontstem, vertrou my nie en is bang vir jou; Sónja is kwaad vir haar vader, sy is kwaad vir my en praat nou al twee weke nie met my nie; jy haat my man en wys openlik dat jy jou moeder verag; ek self is oorspanne en het vandag al twintig keer op die punt gestaan om in trane uit te bars . . . Daar is iets verkeerd met hierdie huis.||

1 WAINITSKI : Laat ons afstap van dié oorpeinsinge.)

2 JELJENA ANDREJEWNA : (Jy is 'n verstandige, ontwikkelde mens, Iwán Petrówitsj, jy moet tog begryp dat dit nie rowers en brandstigters is wat die wêreld verwoes nie, maar haat en vyandigheid en al hierdie nietighede . . . Dit behoort jou taak te wees om hier vrede te stig, in plaas van altyd maar te kla. |

3 WAINITSKI : Dan sal jy my eers vrede moet gee. My dierbaarste) . .
[*Buk en soen haar band hartstogtelik*]

4 JELJENA ANDREJEWNA : (Hou op! [*Trek haar band weg*] Gaan asseblief weg!) (a)

5 WAINITSKI : Netnou sal die reën oor wees, en alles in die natuur sal verfris wees en weer asemhaal. Net ék sal geen verligting van die weer kry nie. Dag en nag word ek gekwel deur die gedagte dat my lewe onherroeplik verlore gegaan het. 'n Verlede besit ek nie, ek het dit verkwansel met nietighede, en die hede is onuitspreklik sinloos. Daar het jy nou my ^(b)lewe en my liefde : ^(c)waarheen moet ek daarmee gaan? wat moet ek daarmee doen? My gevoel gaan verlore soos sonlig wat in 'n afgrond val, en ek ^(d)self is net so verlore.)

6 JELJENA ANDREJEWNA : (a) Wanneer jy met my oor jou liefde praat, word ek heeltemal gevoelloos, en ek weet nie hoe ek moet antwoord nie. ^(b)Vergewe my, maar daar is niks wat ek kan sê nie. [*Wil gaan*] Goeienag.)

7 WAINITSKI [*versper haar pad*] : (a) En as jy net geweet het hoe ek ly by die gedagte dat daar langs my in hierdie selfde huis nog 'n ander lewe verlore gaan – joune! Waarvoor wag jy? Watter ^(b)vervloekte bedenkinge hou jou terug? Begryp dan tog, begryp net) . .

- 1 JEL JENA ANDREJEWNA [*kyk hom stip aan*]: ^(a) ^(b) Iwan Petrówitsj, jy is dronk!
- 2 WAINITSKI: Miskien, | miskien . . . || ^(b)
- 3 JEL JENA ANDREJEWNA: Waar is die dokter?)
- 4 WAINITSKI: ^(a) Daar . . . hy slaap vannag by my in die kamer. Miskien, miskien . . . Alles is moontlik! ||| ^(b)
- 5 JEL JENA ANDREJEWNA: ^{Hoekom} Het jy vandag weer gedrink? ~~Hoekom~~ ~~dan tog?~~ ^(a)
- 6 WAINITSKI: Dit gee jou ten minste die gevoel dat jy nog lewe . . . || ^(b)
^(c) Laat my begaan, Hélène!
- 7 JEL JENA ANDREJEWNA: ^(a) Vroeër het jy nie gedrink nie, en ook nie soveel gepraat nie . . . Gaan slaap nou tog! Jy ^(b) verveel my, . . .
- 8 WAINITSKI [~~soen haar hand bartstogtelik~~]: ^(b) My dierbaarste . . . my liefste! . . .
- 9 JEL JENA ANDREJEWNA [*geïrriteerd*]: ^(a) Laat staan my! Dit word nou heeltemaal bespotlik . . . [*Af*] ||| ^(b) ^(c)
- 10 WAINITSKI [*alleen*]: ^(a) Sy is weg [*Pouse*] ||| Tien jaar gelede het sy by my suster gekom. Sy was toe sewentien, en ek was sewe-en-dertig. Waarom het ek haar nie toe liefgekry en om haar hand gevra nie? Dit kon tog so maklik gebeur het! En dan was sy nou my vrou! ^(d)
. . . Ja . . . ^(e) ^(f) Dan sou ons nou altwee wakker geword het van die storm, sy sou skrik vir die onweer, en ek sou haar in my arms vas-hou en fluister: „Moenie bang wees nie, ek is hier.” Wonderlik om daaraan te dink . . . | ^(h) Ek moet eintlik lag van blydskap . . . | ⁽ⁱ⁾
^(j) maar ag, liewe God, my gedagtes is in die war . . . | ^(k) Waarom is ek oud? Waarom wil sy my nie begryp nie? ^(l) Haar mooi woorde, haar traë lewenshouding, haar traë, sinlose gedagtes oor die ondergang van die wêreld. ~~dit is alles dinge wat ek verafsku~~. || [*Pouse*] ^(m) ⁽ⁿ⁾ Hoe bedroë het ek tog nie daarvan afgekom nie! Ek het hierdie professor, hierdie armsalige jiglyer, verafgood; ek het soos 'n slaaf vir hom gewerk! Sónja en ek het die landgoed tot die laaste druppel uitgedruk; ons het soos boere geknibbel oor lynolie, oor ertjies, oor melk; ons het self skaars geëet om van halwe en hele kopekke duisende roebels te maak en dit vir hom te stuur. Ek was trots op hom en op sy geleerdheid; ek het vir niks anders gelewe

nie! Alles wat hy geskryf en gesê het, was vir my wonderlik . . .
~~Liewe hemel~~, en nou? |^(p) Nou het hy afgetree en kan mens sy hele
 lewe met 'n oogopslag sien: geen bladsy van sy werke sal hom
 oorleef nie, hy is heeltemal onbekend, hy is niks! 'n ^(s)Seepbel^(r)! En
 ek het bedroë daarvan afgekom . . . ek sien dit nou . . . heeltemal
 bedroë . . .

*[Astrow op, met sy baadjie, maar sonder onderbaadjie en das; hy
 is enigszins beskonke; Tjeljeghin volg hom met die ghitaar]*

1 ASTROW: 'Speel iets!

2 TJELJEKHIN: Maar almal slaap.

3 ASTROW: Speel! |^(a)

~~*[Tjeljeghin begin saggies speel]*~~

4 ASTROW *[aan Wainitski]*:^(a) Is jy alleen? Geen dames nie? |^(b) |^(c) *[Sit sy
 arms in sy sye en sing saggies]*: „Dans, my hutjie, dans, my stoof:
 die baas het nie ~~meer~~ 'n bed-nie! . . .” Die storm het my wakker
 gemaak. Lieflike reën. Hoe laat is dit?)

5 WAINITSKI: (Joos weet.)

6 ASTROW: (Ek het gedink dat ek Jeljéna Andréjewna se stem hoor.

7 WAINITSKI: Sy was ~~nou net~~ hier gewees.

8 ASTROW: ^(a) 'n Pragtige vrou. *[Kyk na die medisynebottels op die ta-
 fel]* Medisyne. Wat 'n spul voorskrifte is hier nie alles nie! Uit
 Chárkow, uit Moskou, uit Tóela . . . Daar is geen stad wat hy nie
 met sy jig verveel het nie. ^(a) Is hy regtig siek of is dit maar net aan-
 stellery?

9 WAINITSKI: ~~Ja. Hy is siek.~~ |^(a)

10 ASTROW: Waarom is jy vandag so neerslagtig? Jy bekommer jou
 tog nie oor die professor nie?)

11 WAINITSKI: (Laat my met rus.

12 ASTROW: Of is jy miskien verlief op die professor se vrou?)

13 WAINITSKI: (Sy is 'n vriendin.)

14 ASTROW: (Nóú al?)

15 WAINITSKI: (Wat bedoel jy, nóú al?)

16 ASTROW: ^(a) 'n Vrou kan net in hierdie volgorde 'n man se vriendin
 word: eers 'n goeie kennis, dan sy beminde, en daarna eers sy
vriendin.

- 1 WAINITSKI: Dis 'n banale opvatting.)
- 2 ASTROW: (a) Wat? Ja . . . } ek moet dit erken, ek word banaal. (b) Ek is
 óók dronk, soos jy sien. Gewoonlik drink ek net een keer 'n maand
 soveel. Wanneer ek dan in hierdie toestand verkeer, (c) word ek
 uiters vulgêr en onverfynd. (f) Niks kan my dan afskrik nie! Ek
 onderneem die moeilikste operasies en (g) voer hulle skitterend uit;
 ek ontwerp die geweldigste planne vir die toekoms; (h) wanneer ek
 só voel, vind ek nie meer dat ek eienaardig is nie, en ek glo dat
 ek die mensdom wonderlike dienste bewys . . . wonderlik! En in
 hierdie omstandighede het ek ook my eie lewensbeskouing, en
 julle, dierbare vriende, lyk vir my soos blote muggies. (m) mikro-
 bes. [Aan Tjeljeghin] (n) Speel, Wafel!
- 3 TJELJEGHIN: My lieue vriend, ek is gewillig om enigiets vir jou te
 doen, maar besef tog asseblief dat al die mense aan die slaap is!
- 4 ASTROW: Speel!)
 [Tjeljeghin speel saggies]
- 5 ASTROW: (a) Ons moet iets drink. Kom, ek dink daar is nog brande-
 wyn oor? En wanneer dit lig word, gaan ons na my huis. (b) Goed? (c)
 [Hy sien Sonja wat binnekom] (d) Verskoon my, ek het nie 'n das
 aan nie. [Vinnig af; Tjeljeghin volg hom] || (e)
- 6 SONJA: En jy, oom Wánja, het jy al weer met die dokter gedrink?
 Dis 'n voorbeeldige vriend vir jou! Hy was nou eenmaal altyd so
 gewees, maar jy? Op jou leeftyd is dit tog heeltemal onvanpas.
- 7 WAINITSKI: My leeftyd het niks met die saak te doen nie. As mens
 geen ware lewe het nie, leef jy van fantasieë. Dit is darem beter
 as niks.
- 8 SONJA: (a) Al die hooi is gemaai, elke dag reën dit, alles is besig om
 vrot te word, en jy hou jou besig met fantasieë. Jy verwaarloos
 alles heeltemal. (b) Ek moet alleen bly werk en ek kan eenvoudig
 nie meer nie. . . (c) [Verskrik] (d) Daar is trane in jou oë, oom!
- 9 WAINITSKI: Wat, trane? Geen trane nie . . . Jy het my net soos jou
 moeder aangekyk. My liefste . . . [Soen pretig haar hande on-ge-
 nig] My suster . . . my dierbare suster . . . waar is sy nou? As sy
 maar geweet het! As sy net geweet het!
- 10 SONJA: Wát? As sy wát geweet het, oom?

1 WAINITSKI: ^(a)Dis moeilik, pynlik | ^(b).. niks | ^(c).. later .. | ^(d)niks .. | ek gaan maar. [Af]

2 |||| SONJA [*klop aan die deur*] ^(a)Michaël Ljówitsj! Slaap u al ^(b)Net 'n oomblik!)

3 ASTROW ^(a)[*agter die deur*]: Ek kom dadelik! | ^(b)[*Verskyn ná 'n tydjie met onderbaadjie en das aan*] ^(c)Tot u diens. ^(d)Is daar iets wat ek vir u kan doen?

4 SONJA: U mag self drink as u geen beswaar daarteen het nie, maar ek smee u, moet tog nie my oom laat drink nie. Dit is sleg vir hom.)

5 ASTROW: ^(a)Goed. Ons sal nie meer drink nie. [*Pouse*] Ek gaan nou ^(b)dadelik huis toe. Afgehandel. Wanneer die perde ingespan is, sal dit al ^(c)lig wees.)

6 SONJA: ^(a)Dit reën. Wag tot die oggend.)

7 ASTROW: ^(a)Die reën is besig om oor te gaan. Ek vertrek nou. En asseblief, moenie my weer na jou vader laat roep nie. Ek sê vir hom jig en hy sê rumatiek; ek vra hom om te gaan lê en hy sit. En vandag wou hy nie eens met my praat nie.)

8 SONJA: ^(a)Hy is verwen. [*Soek in die buffet*] ^(b)Wil u iets eet?

9 ASTROW: ^(a)Ja, ek gee nie om nie.)

10 SONJA: Ek hou daarvan om snags te eet. ~~Ek dink dat daar nog iets in die buffet is.~~ ^(a)Hulle sê dat vroue vroeër baie lief vir hom was, en hulle het hom verwen. ^(b)Hier, neem 'n stukkie kaas. [*Albei staan by die buffet en eet*]

11 ASTROW: ^(a)Ek het vandag heeltemal niks geëet nie, ^(b)net gedrink. ^(c)Jou vader is 'n moeilike man. | ^(d)[*Neem 'n fles uit die buffet*] ^(e)Mag ek? | ^(f)[*Drink 'n glas*] ^(g)Ons is ^(h)alleen, en ek kan reguit praat. | ⁽ⁱ⁾Weet jy, ek dink nie dat ek dit 'n maand lank in julle huis sou kan uithou nie, ek sou in hierdie atmosfeer verstik. | ^(j)Jou vader wat hom besig hou met sy boeke en sy jig, oom Wánja met sy neerslagtigheid, jou grootmoeder, en dan jou stiefmoeder. | ^(k)

12 SONJA: Wat van my stiefmoeder?)

13 ASTROW: ^(a)Alles aan 'n mens behoort mooi te wees – sy gesig, klere, siel, gedagtes. Sy is mooi, dit kan niemand betwis nie, maar ^(b)al wat sy doen, is eet, slaap, rondstap, en ons almal betower met haar skoonheid, niks anders nie. Sy het geen pligte nie, ander

mense werk vir haar ^(d). Nie waar nie? ^(e) En 'n lewe van louter niksdoen kan nie 'n suiwer lewe wees nie! ^(f) ^(g) [Pouse] Maar miskien oordeel ek te streng oor haar. Ek voel ontevrede met die lewe, net soos jou oom Wánja, en ons is altwee besig om knorrig te word,

1 SONJA: ^(a) Bevredig die lewe u dan nie?

2 ASTROW: ^(a) Ek is lief vir die lewe as sodanig, maar óns lewe, die kleinburgerlike Russiese provinsielewe, kan ek nie verdra nie, ek verafsku dit met my ganse hart. En wat my eie persoonlike lewe betref — ~~God weet~~, dáárin is daar niks goeds nie! ^(b) Weet jy, as mens snags in die donker deur 'n woud stap en jy sien êrens in die verte 'n liggie brand, dan merk jy nie meer jou moegheid nie, of die donker, of die skerp takke wat jou in jou gesig slaan . . . Ek werk — jy weet dit — soos niemand anders hier in die omtrek nie, die noodlot tref my onophoudelik, soms kry ek meer as wat ek kan verduur, maar vir my brand daar geen liggie in die verte nie. Ek ^(c) verwag niks meer vir myself nie; ek gee niks vir my medemens om nie . . . Dit is nou al lank dat ek vir niemand meer liefde voel nie.

3 SONJA: ^(a) Vir niemand nie?

4 ASTROW: ^(a) Niemand. ^(b) Ek voel nog iets vir jou ou oppasser — oudergewoonte. Die boere is almal dieselfde, onontwikkeld, lewe in vuilheid; en met die meer ontwikkelde mense is dit maar moeilik om om te gaan. Hulle is so vermoeiend. Al ons goeie vriende dink klein, voel klein, en kan nie verder sien as wat hulle neuse lank is nie — om dit eenvoudig te stel, hulle is dom. En ^(c) die wat intelligenter is en meer beteken, is histeries en word verteer deur selfondersoek en selfontleding . . . Hulle kla gedurig, hulle vergaan van afguns, hulle is ^(d) altyd besig om te skinder; hulle benader 'n mens van opsy, kyk hom skeef aan en besluit dan: „O, hy is neuroties!” of „Hy is 'n huigelaar!” En as hulle nie weet watter etiket hulle op my voorhoof moet plak nie, heet dit: ^(e) „O, hy is 'n eienaardige mens, baie eienaardig!” ^(f) Ek is lief vir ^(g) die woude — dit is eienaardig; ek eet nie vleis nie — net so eienaardig. Onmiddellike, opregte, vrye kontak met die natuur en met die mense bestaan nie meer nie ^(h) ⁽ⁱ⁾. Nee, dit bestaan nie! [Wil drink],

- 1 SONJA [^(c)*verbinder bom*]: Nee, asseblief, ek smeeek u, moenie meer drink nie.)
- 2 ASTROW: (^(c)Hoekom nie?)
- 3 SONJA: (^(c)Dit pas u nie!) U is so 'n verfynde mens, u het so 'n sagte stem . . . (^(b)En nog meer as dit, u is so mooi, soos niemand anders wat ek ken nie. Waarom wil u dan soos gewone mense wees wat drink en kaartspeel? Ek smeeek u, moet dit nie doen nie. U sê altyd dat die mense niks skep nie, net verniel wat God hulle gegee het. (^(c)Waarom verniel u dan uself? U moet dit nie doen nie, u moenie, ek smeeek u!
- 4 ASTROW [~~*steek sy hand na haar uit*~~]: Ek sal nie meer drink nie.
- 5 SONJA: Gee my u woord.
- 6 ASTROW: My erewoord.
- 7 SONJA [~~*drink sy hand*~~]: Dankie!)
- 8 ASTROW: (^(c)Basta! Ek is heeltemal nugter. Sien jy nou, ek het heeltemal nugter geword, ek sal dit bly tot die einde van my lewensdae.) (^(b)[*Kyk na die horlosie*] (^(c)Maar kom, laat ons verder gesels. Ek sê dat my tyd verby is, vir my is dit reeds te laat . . . Ek is oud en afgewerk, ek het banaal geword, my gevoel is afgestomp, en ek glo nie dat ek ooit nog van iemand sou kan hou nie. Ek het niemand lief nie en . . . ek sal ook nooit iemand liefhê nie. Al wat my nog kan aanraak, is die skoonheid (^(d)daaroor voel ek nie onverskillig nie.) (^(f)Ek dink byvoorbeeld dat Jeljena Andréjewna my nog vir 'n dag op loop sou kan ja as sy wou. (^(h)Maar dit is geen liefde nie, (⁽ⁱ⁾dit is geen gententheid nie . . . [*Bedek sy oë met sy hand en sidder*])
- 9 SONJA: Wat makeer?
- 10 ASTROW: (^(a)Ag . . . (^(b)In die Vastyd is een van my pasiënte onder narkose dood.)
- 11 SONJA: (^(a)U behoort dit nou te vergeet. (^(b)[*Ponse*] (^(c)Sê vir my, Michail Ljówitsj. (^(d)As ek 'n vriendin gehad het of 'n jonger suster, en u moes opmerk dat sy . . . (^(f)nou ja, dat sy van u hou, wat sou u doen. (^(g)en
- 12 ASTROW (^(a)*haal sy skouers op*): Ek weet nie. Waarskynlik niks nie. (^(d)Ek sou haar laat verstaan dat ek haar nooit kan liefhê nie . . . (^(e)en dat daar ander dinge is wat my tyd in beslag neem. Maar as ek wil

gaan, moet ek dit nou ^(a)doen. ^(h)Tot siens, meisie, anders gesels ons tot dagbreek. ⁽ⁱ⁾~~[Gee haar die hand]~~ Ek gaan deur die sitkamer as jy nie omgee nie, ek is bang dat jou oom my anders weer voorkeer. [Af] ⁽ⁱ⁾

1 SONJA [alleen]: Hy het niks gesê nie . . . Ek weet nog nie wat daar in sy siel of in sy hart omgaan nie, maar waarom voel ek so gelukkig? [Lag van blydschap] „U is so 'n verfynde mens,” het ek vir hom gesê; „u het so 'n sagte stem . . .” Was dit verkeerd? Sy stem is so innig, so strelend . . . ek voel dit nog in die lug. En toe ek met hom praat oor 'n jonger suster het hy nie verstaan nie . . . [Wring haar bande] O hoe verskriklik is dit tog dat ek nie mooi is nie! Ek weet ek is gelukkig, ek weet dit . . . Verlede Sondag toe ons uit die kerk kom, het ek nog gehoor hoe die mense oor my praat, en toe sê 'n vrou: „Sy is 'n goeie, liewe meisie, net jammer dat sy so onaantreklik is . . .” Onaantreklik . . .

⑤

[Jeljena Andrejewna op]

2 JELJENA ANDREJEWNA [~~maak die venster oop~~]: ^(a)Die storm is oor. ^(b)
^(c)Ruik die lug nie heerlik nie! ^(b)[Pouse] Waar is die dokter?)

3 SONJA: ^(b)Weg! ^(b)[Pouse]

4 JELJENA ANDREJEWNA: Sófie.)

5 SONJA: ^(a)Wat? ^(b)

6 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a)Hoe lank gaan jy nog vir my kwaad wees?
^(b)Ons het mekaar tog niks aangedoen nie. Waarom moet ons vyande wees? Dit is genoeg . . .

7 SONJA: Ek wou self ook al . . . [Ombels haar] Laat ons weer vriende wees.

8 JELJENA ANDREJEWNA: Ja, laat ons. [Albei is senuweeagtig]

~~9 SONJA: Het Pappie gaan lê?~~

10 JELJENA ANDREJEWNA: ~~Nee, hy is in die sitkamer.~~ ^(a)Dis nou al weke lank dat ons nie met mekaar praat nie, en net God weet waarom nie. ^(b)[~~Sien dat die buffet opstaan~~] Wat is dit?

11 SONJA: ^(a)Michail Ljówitsj ^(b)het nog iets geëet.

12 JELJENA ANDREJEWNA: ~~Daar is nog wyn ook.~~ . . . Laat ons drink op ons vriendskap.

13 SONJA: Ja, laat ons drink.

- 1 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Uit dieselfde glas . . . ^(b)~~[Stink]~~ ^(c)Só, dit is beter. Is ons nou weer vriende?
- 2 SONJA: ^(a)Ja. ^(b)~~[Drink-en]~~ ^(c)ombels mekaar] Ek wou al lankal vrede maak, maar ek het my geskaam . . . [Huil]
- 3 JEL JENA ANDRE JEWNA: Waarom huil jy?
- 4 SONJA: Sommer net, geen rede nie.
- 5 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Stil nou, stil . . . [Huil] Jy's laf, nou het jy my ook laat huil . . . ^(b)[Pouse] ^(c)Jy is vir my kwaad omdat jy dink dat dit berekend van my was om jou vader te trou . . . } As jy waarde heg aan 'n eed, sweer ek vir jou dat ek hom getrou het uit liefde. Ek het tot hom aangetrokke gevoel omdat hy 'n geleerde man is, 'n man van aansien. ^(d)[Dit was nie ware liefde nie, dit was kunsmatig, maar toe het ek nog gedink dat dit eg is. ^(e)En solank ons getroud is, het jy nie opgehou om my met jou slim, agterdogtige oë te straf nie.
- 6 SONJA: Nee, vrede, vrede! Laat ons daarvan vergeet.
- 7 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Jy moenie so kyk nie – dit pas jou nie. Jy moet in alle mense glo, anders kan jy nie lewe nie. [Pouse] ^(b)
- 8 SONJA: Sê eerlik vir my, as vriendin: ^(a)is jy gelukkig?
- 9 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Nee.
- 10 SONJA: ^(a)Ek het dit geweet. Nog net één vraag. ^(b)Sê eerlik vir my ^(c)— ^(d)sou jy nie liever 'n jong man wil hê nie?
- 11 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Jy is nog so 'n kind. Natuurlik sou ek! ^(b)[Lag] Kom, vra nog, vra maar . . .
- 12 SONJA: ^(a)Hou jy van die dokter? ^(b)
- 13 JEL JENA ANDRE JEWNA: Ja, baie.
- 14 SONJA: ^(a)[Lag] Is ek nie ^(b)verspot nie? Hy is al weg, maar ek hoor nog sy stem en sy voetstap, en as ek na die donker venster kyk, sien ek sy gesig voor my. Laat my ^(b)uitpraat . . . Maar ek kan nie hardop praat nie, ek voel skaam. ^(a)Kom ons gaan na my kamer en gesels daar. Jy dink seker dat ek belaglik is. Erken dit . . . ^(c)^(b)Vertel my iets oor hom . . .
- 15 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Wat wil jy hoor?
- 16 SONJA: ^(a)Hy is slim . . . Hy verstaan alles, hy kán alles . . . Hy genees mense, plant bome . . .

- 1 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a) Dit is nie 'n kwessie van woude of medisyne nie . . . My skat, jy moet besef dat hy 'n genie is! En weet jy wat dit beteken? Durf, vryheid van gees, vuur . . . Hy plant 'n boompie en sien reeds wat dit oor duisend jaar sal beteken, hy sien nou reeds die geluk van die mensdom voor hom. Sulke mense moet jy liefhê, hulle is seldsaam . . . Hy drink, hy kan soms grof wees – maar wat maak dit saak? 'n Begaafde mens kan in Rusland tog nie vlekloos bly nie. Jy kan self dink watter soort lewe hierdie dokter lei! Paaie waar jy tot aan jou knieë wegsink in die modder, ryp, sneustorms, die geweldige afstande, ruwe, onontwikkelde boere, omring deur siekte en gebrek. Vir iemand wat elke dag in so 'n omgewing werk en worstel, is dit nie maklik om nugter en onbevlek te bly tot hy veertig is nie. ^(b) ^(c) ~~[Soen baar]~~ Ek wens jou van harte geluk, jy verdien dit. ^(d) ~~[Staan op]~~
- ^(e) Maar ék is net 'n byfiguur, heeltemal oninteressant. In die musiek, in my man se huis, in my liefdesverhoudings ^(f) – óral, trouens – was ek altyd maar net 'n byfiguur. ^(g) As mens daaroor nadink, Sónja, is ek eintlik baie ongelukkig. ~~[Loop sonnewagatig in die kamer op en neer]~~ Ek ken geen geluk op aarde nie. Niks! ^(h) ⁽ⁱ⁾ Waarom lag jy?
- 2 SONJA ~~[lag met haar hande voor haar gesig]~~: Ek is so gelukkig . . . so gelukkig!
- 3 JELJENA ANDREJEWNA: Ek het behoefte aan musiek . . . ek sou graag iets wil speel. ^(a)
- 4 SONJA: Ja, speel iets. ~~[Omhoels haar]~~ Ek kan tog nie slaap nie . . . Speel iets!)
- 5 JELJENA ANDREJEWNA: Wag eers. Jou vader is wakker. Musiek hinder hom wanneer hy nie goed voel nie. Gaan vra hom. As hy nie beswaar het nie, sal ek iets speel. Gaan gou.)
- 6 SONJA: Goed. [Af] ~~[Die nagwag klop in die tuin]~~
- 7 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a) Ek het lank laas klavier gespeel. Ek sal speel en huil, huil soos 'n kind ^(b) ~~[By die venster]~~ ^(c) Is dit jy, Jefim?
- 8 STEM VAN DIE NAGWAG: Ja, mevrou.)
- 9 JELJENA ANDREJEWNA: Moenie klop nie, die meneer is siek.

(a)
1 STEM VAN DIE NAGWAG: Ek gaan nou dadelik. [*Fluit en roep die bonde*] Kom, kom hier, Zjéetsjka, Máltsjik! Zjéetsjka! ||(b)

[*Pouse*](a)
2 SONJA [*kom terug*](a) ||(b) Ons mag nie. ||(c)

Skerm

DERDE BEDRYF

①

Dieselfde vertrekke as in Tweede Bedryf. Middag.

~~Sitkamer in Serebrjakow se huis. Drie deure: regs, links en in die middel. Dag.~~

Wainitski, Sonja [sit] en Jeljena Andrejewna [loop ingedagte op en neer].

(a)

1 WAINITSKI: Die Herr Professor het hom verwaardig om die wens uit te spreek dat ons vandag om eenuur almal hier in die sitkamer sal vergader. [Kyk na die horlosie] Kwart voor een. ^(b)Hy het behoefte om die wêreld iets mee te deel.

2 JELJENA ANDREJEWNA: Waarskynlik iets met sake te doen.

3 WAINITSKI: ^(c)Watter sake het hy? Hy skryf sy onsinnighede, kla en raak jaloers, verder niks nie.

4 SONJA [verwytend] ^(a): Oom Wánja!

5 WAINITSKI: ^(b)Goed, goed, vergewe my. [Wys na Jeljena Andrejewna] ^(c)Kyk na haar: sy is so traag dat sy nouliks kan loop. Bekoorlik! Baie bekoorlik!

6 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a)Jy brom die ganse dag, net maar brom en brom. Word jy nie moeg daarvan nie? ^(b)[Ongelukkig]: Ek sterf van verveling, ek weet nie wat om te doen nie.

7 SONJA [haal haar skouers op]: Daar is genoeg te doen. As jy maar net wou.

8 JELJENA ANDREJEWNA: Byvoorbeeld?

9 SONJA: Jy kan jou besig hou met die landgoed, die boerekinders les gee, die siekes versorg. Daar is genoeg te doen. – Toe jy en Pappie nóg nie hier was nie, het oom Wánja en ek self mark toe gegaan om ons meel te verkoop.

10 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a)Ek verstaan nie hoe jy so iets kan doen nie. En dan is dit alles ook so oninteressant. Boere versorg en hul kinders les gee, dit gebeur net in stigtelike romans. Hoe sou ek dan sommer so uit die helder hemel daarmee begin? ^(b)

11 SONJA: ^(a)Ek kan nie insien waarom jy dit nie sou doen nie. Wag ^(b)maar, dan sal jy ook wel daaraan gewoond word. [Ombels haar]

(b)
Moenie so teneergedruk wees nie, liefeling. [*Laggend*]: Jy ver-
veel jou en weet nie wat om met jouself aan te vang nie, maar
verveling en niksdoen is aansteeklik. Kyk net, oom Wánja doen
ook niks meer nie, hy loop net soos 'n skaduwee agter jou aan, en
ek het my werk eenkant laat lê en hierheen gekom om met jou te
gesels. Ek het lui geword, en ek kan niks daaraan doen nie! Dok-
ter Michaíl Ljówitsj het ons vroeër selde besoek, net een keer 'n
(c)
maand, al het ons hom ook hóé gesoebat, maar nou sit hy elke dag
hier en dink nie eers aan sy woude of sy pasiënte nie. Jy is seker
'n towervrou.

1 WAINITSKI: (a) Waarom is jy so ongelukkig? [*Lewendig*] Kom, my
liefste, my dierbaarste, wees verstandig! Jy het najadebloed in jou
are – wees dan ook 'n najade! Gaan tog een keer in jou lewe op
loop, raak ~~nou gou~~ halsoorkop verlief op een of ander wat ergod
– en dan af in die draaikolk, weg, sodat die Herr Professor en ons
almal jou met oop mond kan staan en nakyk.

2 JELJENA ANDREJEWNA: (b) [*kwaad*]: Laat staan my tog. Jy is wreed!
[*Wil weggaan*]

3 WAINITSKI: [*verbinder haar*]: Nee, nee, my liewe Jeljéna André-
jewna, vergewe my ... Ek vra jou om verskoning ... [~~Soen haar~~
~~hande~~] Vrede!)

4 JELJENA ANDREJEWNA: (a) 'n Engel sou sy humeur met jou verloor.

5 WAINITSKI: (b) As teken van vrede en eensgesindheid wil ek jou 'n bos
rose bring; vanoggend nog het ek dit vir jou gepluk ... Herfsrose,
pragtige, weemoedige rose ... [*Af*],

6 SONJA: Herfsrose – pragtige, weemoedige rose ... [~~Hulle kyk albei~~
~~na buite~~]

7 JELJENA ANDREJEWNA: (a) Dit is nou al September. Hoe sal ons die
winter hier deurkom? (b) [*Pouse*] Waar is die dokter?

8 SONJA: (a) In oom Wánja se kamer. Hy is besig om iets te skryf. (b) Ek is
bly dat oom Wánja weggegaan het, ek moet met jou praat.

9 JELJENA ANDREJEWNA: Waaroer?

10 SONJA: (a) Waaroer? (b) [~~Lê haar kop teen Jeljéna Andrejewna aan~~]

11 JELJENA ANDREJEWNA: Toe nou, toe nou ... [~~Skryf haar oor die~~
~~here~~] Kom.

1 SONJA: ^(a)Ek is lelik.)

2 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(b)Jy het sulke mooi hare.)

3 SONJA: ^(a)Nee! [~~Draai om om haarself in die spieël te sien~~] As 'n vrou lelik is, sê almal vir haar: „Jy het sulke mooi oë, jy het sulke pragtige hare . . .” ^(b)Ek het hom al ses jaar lief, ek het hom meer lief as my eie moeder; elke oomblik van die dag hoor ek hom, voel ek sy handdruk en kyk ek na die deur, verwag ek om hom te sien; elke oomblik dink ek dat hy nou sal kom. Jy sien self hoe ek gedurig na jou toe kom om met jou oor hom te praat. Nou kom hy ons elke dag besoek, maar hy ^(c)kyk nie na my nie, hy sien my nie eers raak nie . . . Dit is so ^(d)vreeslik! Ek kan nie eers meer hoop nie, heeltemal nie . . . [*Wanhopig*] ^(e)O God, gee my krag . . . Ek het die hele nag gebid . . . Ek gaan dikwels na hom toe en begin met hom praat, kyk hom in die oë . . . Ek het geen trots meer nie, ek het nie eers meer die krag om myself te beheers nie . . . Ek kan dit nie meer inhou nie; gister het ek oom Wánja vertel dat ek hom liefhet . . . Al die bediendes weet dat ek hom liefhet. Almal weet.)

4 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(c)En hy?

5 SONJA: Nee, nie hy nie. Hy merk my nie eers op nie.

6 JEL JENA ANDRE JEWNA [^(a)nadenkend]: ^(b)Hy is 'n wonderlike mens ^(c)! . . . ^(d)Weet jy wat? Laat my met hom daaroor praat ^(e). Ek sal dit versigtig doen, nie reguit nie . . . [*Pouse*] Hoe lank moet hierdie onsekerheid dan nog aanhou? . . . Mag ek? [*Sonja knik toestemmend*] Mooi. Dit sal nie moeilik wees om uit te vind of hy jou liefhet of nie. Jy moet jou nie ongelukkig maak nie, ek sal hom versigtig uitvra en hy sal niks agterkom nie. Ons moet maar net uitvind of dit ja is of nee. [*Pouse*] As dit nee is, ^(g)is dit beter dat hy nie weer hierheen kom nie, nie waar nie? [*Sonja knik instemmend*] Dit sal makliker wees as jy ^(h)hom nie weer sien nie. ⁽ⁱ⁾Kom, moenie dat ons dit uitstel nie, laat ons hom nou uitvra. Hy wou my 'n paar kaarte gewys het . . . Gaan vra hom om hierheen te kom.)

7 SONJA [*bewig ontsteld*]: ^(c)Sal jy my die volle waarheid vertel?

8 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(c)Ja, natuurlik. Ek dink nie dat die waarheid

so verskriklik kan wees soos die onsekerheid nie, wát dit ook al is.
Laat dit maar aan my oor, my liefste.

1 SONJA: Ja, natuurlik^(a). ||^(b) Ek sal vir hom sê dat jy sy kaarte wil sien. ||^(c) [Gaan, maar bly by die deur staan]^(d) Nee, dit is tog beter om onseker te wees . . . Dan kan jy ten minste nog hoop ||^(e)

2 JELJENA ANDREJEWNA: Wat sê jy?

3 SONJA: Niks nie. [Af]

4 JELJENA ANDREJEWNA [^(a)alleen]: Daar is niks wat erger is as om 'n vreemdeling se geheim te ken en hom nie te kan help nie^(b) [^(c)Nadenkend]: ~~Hy is nie op haar verlief nie — dit is duidelik, maar waarom sou hy haar nie trou nie? Sy is nie mooi nie, maar sy sal 'n uitstekende vrou uitmaak vir 'n plattelandse dokter van sy leeftyd. Sy is verstandig, en so goed, so natuurlik . . . Nee, dit is ook nie dit nie, nie dit nie . . .~~ [^(c)Pouse] Ek weet hoe die arme kind voel. ~~Te midde van hierdie vreeslike verveling, waar daar net vaal skaduwees rondryf in plaas van mense, waar mens niks anders as banaliteite hoor nie, waar niemand iets anders doen nie as eet, drink en slaap — hier verskyn hy van tyd tot tyd: hy wat nie soos die ander is nie, aantreklik, interessant, bekoorlik, soos die helder maan wat in die donker opkom.~~ ^(c) ~~Om jou oor te gee aan die bekoring van so 'n man, om alles om jou heen te vergeet . . . Ek glo dat ek hom ook aantreklik vind. Ja, ek verveel my wanneer hy nie hier is nie, en nou terwyl ek aan hom dink, begin ek glimlag.~~ ~~Oom Wánja sê dat ek najadebloed in my are het.~~ ^(d) Gaan tog een keer in jou lewe op loop" . . . Ja, miskien behoort ek dit te doen. ^(e) ~~As ek vry kon wees om soos 'n voël van julle almal weg te vlieg, van julle slaperige gesigte en julle gesprekke, en vergeet dat julle almal bestaan!~~ ^(g) ^(h) Maar ek is te lafhartig, ek het geen selfvertroue nie . . . My gewete sou my geen rus gee nie. . . Hy kom elke dag hierheen, ek kan raai waarom, en nou reeds voel ek skuldig en sou ek op my knieë voor Sónja kan neerval om haar om vergifnis te smeek, om te huil ||⁽ⁱ⁾

5 ASTROW [op met 'n kaart]^(a): Goeiendag, Jeljéna Andréjewna. [~~Gooibaar die band~~]^(b) U wil my skilderprestasies sien?

- 1 JEL JENA ANDRE JEWNA: U het gister beloof om my u werk te wys
... Pas dit u nou?
- 2 ASTROW: ^(a)O natuurlik. ~~[[Sprei die kaart op die tafel uit en maak dit
mot drukspekers vas]]~~ ^(b)Waar is u gebore?
- 3 JEL JENA ANDRE JEWNA ~~[help hom]~~: In Petersburg.
- 4 ASTROW: ^(c)En u opleiding?
- 5 JEL JENA ANDRE JEWNA: Die Konservatorium.
- 6 ASTROW: Dan sal u dit seker nie baie interessant vind nie.
- 7 JEL JENA ANDRE JEWNA: Waarom nie? Dit is waar dat ek die plat-
teland nie goed ken nie, maar ek het heelwat daaroor gelees.
- 8 ASTROW: ^(a)Ek het hier in die huis my eie tafel ... In Iwán Petrówitsj
se kamer. Wanneer ek so uitgeput is dat ek heeltemal bedwelmd
voel, laat ek alles vaar en jaag ek hierheen om my vir 'n uur of
twee met hierdie werk besig te hou ... Iwán Petrówitsj en Sófja
Aljeksándrowna klik met die telraam, en ek sit langs hulle by my
tafel en verf ... rustig en gesellig, en die kriekie tjirp ^(b)λ. ^(c)Maar ek
veroorloof my nie te dikwels hierdie genot nie – net een keer 'n
maand. ^(d)λ. ~~[Wys op die kaart]~~ ^(e)Kyk nou hier. So het hierdie ge-
weste daar vyftig jaar gelede uitgesien. Die donker- en die ligte
groen is woude, die helfte van die hele gebied is met woude be-
dek. Waar daar rooi lyne oor die groen heen gaan, was daar elke
en wilde bokke ^(f)λ. Ek gee hier die dierelewe ^(g)sowel as die plante-
groei aan. Op hierdie ^(h)meer was daar wilde swane, ganse, eende –
die ou mense vertel dat hulle in hele swerms daar geleef het, hulle
het soos ⁽ⁱ⁾wolke ^(j)rondgeve^(k)g. ^(l)Afgesien van die dorpe en gehuggies,
sien jy hier en daar nog allerlei kleinhowes, kluisenaarshutte,
meulens ... Daar was 'n menigte horingvee en perde. Jy kan dit
aan die blou sien. In hierdie streek is die blou byvoorbeeld baie
donker: daar was hele troppe perde gewees, gemiddeld drie op
elke ^(m)boerdery. [Pouse] Nou kyk ons hier, 'n bietjie laer af. Só het
dit vyf-en-twintig jaar gelede gelyk. Daar is nog net 'n derde van
die gebied wat met woude bedek is. Die wilde bokke is weg, maar
daar is nog elke. Die groen en die blou is reeds ligter. En so gaan
dit ⁽ⁿ⁾voort. Laat ons nou na die derde deel kyk ^(o)λ. dit is soos die om-
gewing daar vandag uitsien. Hier en daar vind mens nog groen,

maar net in kolle, nie meer aaneenlopend nie; die elke, die swane, die auerhane het almal verdwyn . . . Van die kleinhoewes, die kluisenaarshutte, die meulens, het daar geen spoor meer oorgebly nie. Dit is 'n ^(p)beeld van geleidelike en onmiskienbare verval, wat waarskynlik binne 'n tien of vyftien jaar ^(q)voltooi sal word. U sal miskien sê dat dit die invloed van die beskawing is, dat dit heeltemal ^(r)natuurlik is dat die ou lewe vir die nuwe moet plek maak. Ja, ek sou dit kan begryp as daar in plaas van die verwoeste woude paaie, spoorweë, werkplekke, fabriekke, skole gekom het, as die boere gesonder, ryker, meer ontwikkel was. Maar daar is geen teken van dié dinge nie. In ^(s)hierdie geweste is daar nog dieselfde moerasse en muskiete, dieselfde slegte paaie, armoede, tifus, difterie, brande . . . Ons het hier te doen met 'n verval wat die gevolg is van 'n stryd om bestaan wat alle kragte te bowe gaan, 'n verval as gevolg van luiheid, onkunde, en 'n volslae gebrek aan begrip. ^(t)Om te red wat daar nog van sy lewe oorbly en om sy kinders te red, gryp die siek, verkleumde mens na enigiets wat sy honger kan stil en hom warmte gee, sonder om vir 'n oomblik aan die volgende dag te dink . . . Byna ^(u)alles is vernietig, en daar het niks in die plek daarvan gekom nie. ^(v)[Koel]: ~~Maar ek sien aan u gesig dat dit u nie juis~~ ^(w)~~interesseer nie.~~ ^(x)~~baie geïnteresseerd nie.~~

1 JEL JENA ANDRE JEWNA: Ek weet so min van al hierdie dinge. .

2 ASTROW: Daar is niks wat u daarvan hoef te weet nie: dit interesseer u eenvoudig nie.

3 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Eerlik gesê, ek dink aan iets anders. ^(b)Ver-skoon my. Ek moet u aan 'n klein verhoor onderwerp, ^(c)maar ek voel ongemaklik, ek weet nie hoe om te begin nie.

4 ASTROW: 'n Verhoor?

5 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Ja, 'n verhoor, maar . . . nie baie ernstig nie. ^(b)Sal ons gaan sit? ^(c)~~Hulle sit~~ ^(d)Dit gaan oor 'n sekere jong meisie. ^(e)Laat ons eerlik daaroor praat, sonder om paaie. Ons sal daaroor praat en dan weer dadelik daarvan vergeet. ^(f)Is dit goed?

6 ASTOW: Heeltemal.

7 JEL JENA ANDRE JEWNA: ^(a)Dit gaan oor my stiefdogter Sónja. ^(b)U hou van haar, nie waar nie?

- 1 ASTROW : Ek het 'n hoë dunk van haar.)
- 2 JEL JENA ANDRE JEWNA :^(c)Maar|hou u van haar as|vrou?|
- 3 ASTROW [^(a)daarsel 'n oomblik]^(b): Nee.
- 4 JEL JENA ANDRE JEWNA :^(a)Nog net 'n paar woorde, dan is ek klaar.
Het u niks opgemerk nie?)
- 5 ASTROW :^(c)Niks)
- 6 JEL JENA ANDRE JEWNA [^(a)neem sy hand beet]^{(b)(c)}: U het haar nie lief
nie, ek kan dit aan u oë sien . |^{(b)(c)}Sy is|ongelukkig . . . U moet dit
begryp en . . . nie meer hier kom nie.)
- 7 ASTROW [^(a)staan op]^(b): My tyd is verby . . . En ek het ook te veel te
doen . . . [^(b)Haal sy skouers op] Hoe sou ek dan nou) . . . [^(b)Hy is
verward]
- 8 JEL JENA ANDRE JEWNA :^(a)O, dit was 'n onaangename gesprek! Ek is
so uitgeput asof ek 'n tongewig gedra het. Goddank dat ons klaar
is. Laat ons dit alles vergeet asof ons nooit daaroor gepraat het
nie en ^(b)en gaan nou asseblief. U is 'n verstandige mens, u sal
begryp . . . [^(d)Pouse] My gesig gloei daarvan.)
- 9 ASTROW :^(a)As u 'n maand of twee gelede hieroor gepraat het, sou ek
miskien nog daaroor nagedink het, maar nou . . . [^(b)Haal sy skouers
op]|Maar as sy ongelukkig is, dan natuurlik |^(c): Daar is net een
ding wat ek nie kan verstaan nie: waarom was hierdie verhoor
nodig?| [^(e)Kyk haar in die oë en lig sy vinger op] Jy is slim.
- 10 JEL JENA ANDRE JEWNA [^(a)Wat bedoel u?]
- 11 ASTROW [^(a)lag]^(b): Baie slim! Laat ons aanneem dat Sónja ongelukkig
is, ek glo dit graag, maar waarom hierdie verhoor? [^(b)Verbinder
haar om te praat, gretig]^(c): Nee,|moenie so verbaas kyk nie, jy
weet goed waarom ek elke dag hierheen kom . . . Jy weet waarom
ek kom, en vir wie. Jy is 'n ^(d)roofdier, ek is maar net 'n ou rot) . . .
- 12 JEL JENA ANDRE JEWNA [^(a)verbaas]^(b): n Roofdier! Ek verstaan nie.)
- 13 ASTROW :^(a)n Pragtige, wollige marter . . . Jy moet 'n slagoffer hê!
Ek doen 'n maand lank al niks nie, ek het alles opsygestoot, ek
soek net na jou – en jy vind dit alles wonderlik, wonderlik ^(b).
^(c)Goed dan. Ek is verlore, jy het dit sonder hierdie verhoor ook wel
gewet. [^(d)Kruis die arms oor die bors en buig die kop] Ek gee my
aan jou oor. Hier is ek; kom, verslind my!)

- 1 JEL JENA ANDRE JEWNA. Jy is gek!
- 2 ASTROW [*lag verbete*]: Jy is bang...
- 3 JEL JENA ANDRE JEWNA. ^(b)Ek is nie so laag en gemeen soos jy dink nie. Ek sweer dit! [*Wil gaan*]
- 4 ASTROW [*verbinder haar*]: ^(c)Ek sal vandag weggaan en nie weer terugkom nie, maar... [~~Noem haar hand beet en kyk om kom heen~~]. Waar sal ons mekaar kan ontmoet? Sê gou: waar? Daar kan iemand inkom, sê gou ^(b). [*Hartstogtelik*]. ^(c)Jy is so mooi, so wonderlik mooi... Soen my net één keer... Laat my net jou hare soen, dit ruik so lekker...
- 5 JEL JENA ANDRE JEWNA. Ek sweer...
- 6 ASTROW [*verbinder haar om te praat*]: ^(a)Waarom moet jy sweer? Moenie sweer nie! Geen onnodige woorde ^(b) ^(c)^(d)! Jy is so mooi! Jou hande... [~~Soen haar hande~~]
- 7 JEL JENA ANDRE JEWNA. ^(b)Genoeg, genoeg... gaan weg... [~~Trek haar hande terug~~]. Jy ^(c)weet nie meer wat jy doen nie.
- 8 ASTROW. ^(b)Maar sê dan net vir my, waar kan ons mekaar môre ontmoet? [~~Sit sy arm om haar~~]. Begryp jy, dit is onvermydelik, ons moet mekaar weer sien ^(d)! [~~Soen haar; op dieselfde oomblik kom Wainitski met die bos rose op en bly by die deur staan~~]
- 9 JEL JENA ANDRE JEWNA. [~~sonder dat sy Wainitski sien~~]. ^(a)Dit is genoeg... ^(b)Laat my gaan. ^(c) [~~Leun haar kop teen Astrow aan~~]. ^(d)Nee ^(e)! [~~Wil gaan~~]
- 10 ASTROW [*hou haar om die middel vas*]. ^(a)Kom môre na die plantasie... ongeveer twee-uur. ^(b)^(c)^(d)^(e)Ja? Jy sal kom?
- 11 JEL JENA ANDRE JEWNA. [*sien Wainitski*]. ^(a)Laat my los! [*Gaan in groot verwarring na die venster*]. Dit is verskriklik!
- 12 WAINITSKI. [~~sit die blomme op die stoel neer; vee sy gesig en nek verward met sy sakdoek af~~]. ^(a)Toe maar... ^(b)Nee... Toe maar... ^(c)
- 13 ASTROW [*asof daar niks gebeur het nie*]. ^(a)Die weer is vandag nie sleg nie, Iwán Petrówitsj. Dit was vanoggend betrokke, dit het na reën gelyk, maar nou skyn die son weer. Om eerlik te wees, die herfs is vanjaar pragtig ^(c). en die winterkoring lyk ook nie sleg nie. [*Rol die kaart op*]. Die enigste nadeel is dat die dae nou ook korter word... [*Af*]. ^(d)

1 JEL JENA ANDRE JEWNA [*gaan vinnig na Wainitski*]: Jy moet probeer, jy moet alles doen wat jy kan om te sorg dat my man en ek vandag nog hier weggaan. ^(b) Hoor jy? Vandag nog!

2 WAINITSKI [*vee sy gesig af*]: Wat? ^(a) ^(b) Ja ... goed ... ^(c) Ek het alles gesien, Hélène, alles, ..

3 JEL JENA ANDRE JEWNA [*senuweeagtig*]: ^(a) Hoor jy? Ek moet vandag nog hier wegkom. ^(b)

⁽⁴⁾ [*Serebrjakow, Sonja, Tjeljeghin en Marina op*]

4 T JEL JEGHIN [Ek is self nie heeltemal gesond nie, Eksellensie. Ek is reeds die afgelope twee dae ongesteld. My kop voel so vreemd] ..

5 SEREBR JAKOW. ^(a) Waar is die ander mense? Ek hou nie van hierdie huis nie. Dit is niks anders as 'n doolhof nie, ses-en-twintig vertrekke, mense dwaal in alle rigtings rond, en jy kan nooit iemand vind nie. [*Lui die blokkie*] ^(c) Vra Márija Wasiljewna en Jeljéna Andréjewna om hiefteen te kom.

6 JEL JENA ANDRE JEWNA: Ek is hier.

7 SEREBR JAKOW. ^(a) Sal julle dan asseblief almal plaas neem ^(b) ←

8 ~~SON JA~~ [*gaan na Jeljéna Andréjewna, ongeduldig*]: Wat het hy gesê?

9 ~~JEL JENA ANDRE JEWNA: Later.~~

10 ~~SON JA: Jy bewe. Jy is ontsteld. [Kyk haar stip aan] Ek begryp ...~~

~~Hy het gesê dat hy ons nie meer sal kom besoek nie ... nie waar nie? [Pouse] Sê dit! Ja?~~

~~[Jeljéna Andréjewna knik bevestigend]~~

11 SEREBR JAKOW [*aan Tjeljeghin*]: ^(a) Aan slegte ^(b) gesondheid kan jy nog wel gewoon raak, maar wat ek nie kan veel nie, is die lewe hier op die platteland. Ek voel asof ek van 'n ander planeet hier ^(c) beland het. Gaan sit, vriende, ^(a) asseblief. ^(c) Sonja! [*Sonja hoor hom nie, sy staan daar met haar kop treurig gebuig*] ^(c) Sónja! [*Pouse*] ^(g) Sy hoor nie. [*Aan Marina*]: Gaan jy ook sit, Marina. ^(b) [*Marina gaan sit en begin brei aan 'n hoes*] Dames en here, ek wil u versoek om u ore as 't ware aan die spyker van die oplettheid op te ^(b) hang. [*Lag*]

12 WAINITSKI [*opgewonde*]: ^(a) Ek is seker nie hier ^(b) nodig nie. Kan ek gaan?

1 SEREBR JAKOW ^(a) Nee, nee, ons het jou juis die nodigste,

2 WAINITSKI ^(c) Wat wil jy van my hê?

3 SEREBR JAKOW: Van jou? . . . Waarom is jy so ontstem? ^(a) [Pouse]

→ As ek op een of ander manier teenoor jou te ^(a) kort geskiet het, moet jy my ^(a) asseblief vergewe.

4 WAINITSKI ^(b) Hou op om so te praat . . . Wat ^(b) wil jy hê?

[Marija Wasiljewna op]

5 SEREBR JAKOW ^(a) Hier is ^(a) *maman* ook. ^{(b)(c)} Ek begin dus, dames en here. ^(d)

[Pouse] Ek het u versoek om hierheen te kom, dames en here, om u mee te deel dat daar 'n inspekteur-generaal in aantog is.* Maar alle grappies opsy. Dit is 'n ernstige saak. Ek het u bymekaar laat kom om u hulp en u raad in te roep, en aangesien ek bewus is van u vriendskap, hoop ek dat die blyke daarvan my nie onthou sal word nie. Ek is 'n geleerde, 'n boekmens, en die praktiese lewe is iets waarvan ek geen kennis dra nie. Sonder die ^(c) raad van ervare mense kan ek nie oor die weg kom nie, en daarom ^(g) vra ek jou, Iwán Petrówitsj, en ^(b) Iljá Iljitsj, en ⁽ⁱ⁾ *maman*. ⁽ⁱ⁾ Die saak is nou so dat *manet omnes una* ^(k) *nox*; dit wil sê dat die lewens van ons almal in die hande van die Allerhoogste is; ek is oud en sieklik, en ek voel dat die tyd aangebreek het om my sake te reël sover dit my gesin betref. Aan myself dink ek nie, my lewe is verby, maar ek het 'n ^(c) jong vrou en 'n ongetroude dogter. ^(b) [Pouse] Om langer hier op die platteland te lewe, is vir my onmoontlik. Ons is nie vir die platteland geskape nie. ^(e) Om in die stad te woon met die inkomste wat hierdie landgoed oplewer, is egter onmoontlik. As ons byvoorbeeld die ^(p) woud moes verkoop, sou dit 'n buitengewone maatreël wees wat nie jaarliks herhaal kan word nie. Daar moet dus een of ander wyse gevind word waarop ons van 'n gereelde en min of meer vaste inkomste verseker kan wees. Ek meen dat ek ^(k) 'n manier gevind het waarop dit gedoen kan word, en ek het dus die eer om dit aan u voor te lê vir u goedkeuring. Met die besonderhede sal ek u nie lastig val nie, maar in hoof trekke kom dit hierop neer. Die opbrengs van die landgoed is gemiddeld nie meer

* Aanhaling uit *Die Inspekteur-Generaal* van Gogolj

- as twee persent nie. ^{(s)(t)} Ek wil dus voorstel dat ons dit ^(u) ^(v) verkoop. As ons die geld in effekte belê, sal ons tussen vier en vyf persent verkry, en ek glo dat daar nog 'n paar duisend roebel oor sal wees waarmee ons 'n klein villa in Finland sou kan koop.)
- 1 WAINITSKI: ^(a) 'n Oomblik, asseblief. ^{(b)(c)} Ek weet nie of ek reg hoor nie. Herhaal wat jy nou net gesê het.
- 2 SEREBR JAKOW: Die geld in effekte belê, en met die bedrag wat oorbly 'n villa in Finland koop.) ^(b)
- 3 WAINITSKI: ^(a) Nie Finland nie . . . Jy het nog iets anders gesê.
- 4 SEREBR JAKOW: Ek het voorgestel dat die landgoed verkoop word.)
- 5 WAINITSKI: ^(a) Dit is wat ek bedoel. Jy wil die landgoed verkoop, uitstekend, 'n skitterende plan. ^(b) En wat stel jy voor dat ek met my ou moeder moet aanvang, en met Sónja?)
- 6 SEREBR JAKOW: Ons sal dit alles op die regte tyd bespreek. 'n Mens kan nie aan alles tegelyk dink nie.)
- 7 WAINITSKI: ^(a) 'n Oomblik. Tot dusver het ek nog nooit 'n greintjie gesonde verstand besit nie. Tot dusver was ek dom genoeg gewees om te glo dat hierdie landgoed aan Sónja behoort. My oorlede vader het dit as bruidskat vir my suster gekoop. Tot dusver was ek naïef gewees, ek het die wet nie soos 'n Turk uitgelê nie, ek het geglo dat my suster se landgoed na Sónja oorgegaan het.
- 8 SEREBR JAKOW: Ja, die landgoed behoort aan Sónja. Wie betwis dit dan? Sonder Sónja se toestemming sou ek dit ook nie kan verkoop nie. Inteendeel, ek wil dit juis in haar belang doen.)
- 9 WAINITSKI: ^(a) Dit is ongelooflik, ongelooflik . . . Of ek het gek geword, ðf > . ðf . . .
- 10 MARIJA WASILJEWNA: Jean, jy moet Aljeksánder nie weerspreek nie. Hy weet beter as jy wat reg is en wat verkeerd is.
- 11 WAINITSKI: ~~Nee, gee my 'n bietjie water!~~ ^(c) ~~Drink!~~ ^(d) ~~Sê wat jy wil, sê wat jy wil.~~ ^(b)
- 12 SEREBR JAKOW: Ek kan nie verstaan waarom jy jou so ontstel nie. Ek wil nie beweer dat dit 'n ideale plan is nie. As almal meen dat dit ondoenlik is, sal ek nie daarop aandring nie.)
- 13 TJELJEGHIN: ^(a) Wat die geleerdheid betref, Eksellensie, koester ek nie net gevoelens van ontsag nie, maar ook 'n soort familiegevoel.

My broer Grigóri Iljitsj se vrou se broer, miskien ken u hom, Konstantin Trofímowitsj Lakedemónow, het 'n magistersgraad ^(a)

1 WAINITSKI: Dis genoeg, Wafel, ons praat oor sake. Jy kan net nou aan die beurt kom . . . [Aan Serebrjakow] ^(b) Vra hom maar. Hierdie landgoed is van sy oom gekoop.)

2 SEREBR JAKOW: (Waarom sou ek hom vra? Waarvoor?)

3 WAINITSKI: (Die landgoed is destyds vir vyf-en-negentigduisend roebel gekoop. My vader het net sewentigduisend betaal, en daar het dus 'n skuld van vyf-en-twintigduisend roebel oorgebly. Luister nou . . . Dit sou nooit moontlik gewees het om hierdie landgoed te koop as ek nie van my erfdeel afstand gedoen het nie ten gunste van my suster wat ek so innig liefgehad het. Maar dit is nie al nie, tien jaar lank het ek soos 'n slaaf hier geswoeg en die hele skuld afbetaal . . .)

4 SEREBR JAKOW: (Dit spyt my dat ek ooit hierdie gesprek begin het.)

5 WAINITSKI: (Dat die landgoed onbelas en in 'n goeie toestand is, is net as gevolg van my eie inspanning. En noudat ek oud geword het, moet ek hier uitgeskop word!)

6 SEREBR JAKOW: (Ek weet nie wat jy probeer sê nie.)

7 WAINITSKI: Vir vyf-en-twintig jaar het ek hierdie landgoed bestuur, gewerk, die inkomste soos die mees pligsgetroue rentmeester aan jou deurgestuur, en in daardie hele tyd het jy my geen enkele keer bedank nie. Die hele tyd, toe ek jonk was, en nou nog, het ek van jou 'n salaris van vyfhonderd roebel 'n jaar gekry – 'n bedelaarsloon! – en dit het nooit by jou opgekom om my één roebel meer te betaal nie!)

8 SEREBR JAKOW: (Iwán Petrówitsj, hoe moes ek dit weet? Ek is nie 'n praktiese man nie, ek verstaan al hierdie dinge nie. Jy kon tog soveel geneem het as jy wou. ^(a))

9 WAINITSKI: (Hoekom het ek nie gesteel nie? Hoekom verag julle my dan nie almal omdat ek nie gesteel het nie? Dit sou tog reg gewees het, dan sou ek nie nou 'n bedelaar wees nie. ^(b))

10 MARIJA WASIL JEWNA [streng]: (Jean!

11 TJEL JEGHIN [opgewonde]: (Wánja, my liewe vriend, moenie,

moenie . . . ek bewe . . . Hoekom moet jy die goeie verstandhouding nou bederf? [~~Soen hom~~] Moet dit tog nie doen nie.

1 WAINITSKI: Vyf-en-twintig jaar lank het ek met my moeder tussen hierdie vier mure vasgevang gesit soos 'n mol . . . Al ons gedagtes en ons gevoelens het met jou te doen gehad, met niemand anders nie. Bedags het ons oor jou gepraat, ons was trots op jou, ons het jou naam met ontsag uitgespreek; saans het ons ons nagte verkwis deur die koerante en tydskrifte te lees wat ek nou met my hele hart verag!

2 TJEL JEGHIN: (Moenie, Wánja, moenie . . . Ek kan nie . . .

3 SEREBR JAKOW [^(a)kwaaad]: Ek weet nie wat jy wil hê nie.

4 WAINITSKI: Jy was vir ons 'n wese van 'n hoër orde en ons het jou artikels van buite geken. Maar nou het my oë oopgegaan! Ek sien alles! Jy skryf oor die kuns, maar jy het nie die vaagste benul van die kuns nie! Al jou werk wat ek so innig liefgehad het, is geen kopek werd nie. Jy het ons ^(a)bedrieg!

5 SEREBR JAKOW: (Sal julle hom asseblief tot ^(a)bedaring bring? Ek gaan.

6 JEL JENA ANDRE JEWNA: (^(a)Iwan Petrówitsj, ek vra jou om stil te bly. Hoor jy?

7 WAINITSKI: (^(a)Ek sal nie stilbly nie! [^(b)Verbinder Serebrjakow om te gaan] Wag, ek is nog nie klaar nie! Jy het my lewe verongeluk! Ek het nie geleef nie! Ek het nie geleef nie! Danksy jou het ek die beste jare van my lewe vermors en verkwansel! Jy is my bitterste vyand!)

8 TJEL JEGHIN: (^(a)Ek kan dit nie verdra nie . . . ek kan nie . . . (^(b)Ek gaan weg. [^(b)Hefstig ontsteld af])

9 SEREBR JAKOW: Wat wil jy van my hê? En watter reg het jy om so met my te praat? Jou nulliteit! As die landgoed aan jou behoort, neem dit dan terug, ^(a)ek het dit nie nodig nie!

10 JEL JENA ANDRE JEWNA: (^(b)Ek gaan weg uit hierdie hel! [^(b)Gil] Ek kan dit nie meer verdra nie!

11 WAINITSKI: (^(a)My lewe is verwoes! Ek het talent, durf, verstand . . . As ek 'n normale lewe gehad het, sou ek 'n Schopenhauer, 'n Dos-tojéwski kon gewees het . . . (^(b)Ek weet nie meer wat ek sê nie! Ek

weet nie meer wat ek sê nie! ^(c)Moeder, wat moet ek doen? Moeder!)
1 MARIJA WASILJEWNA [*streng*] & Doen wat Aljeksánder vir jou
sê.)

2 SONJA [*kniel voor die oppasster en vlei haar teen die ou vrou aan*] :
Liewe njánja! Liewe njánja!

3 WAINITSKI. Moeder! Wat moet ek doen! ^(b)Nee, ^(c)moet niks sê nie, ek
weet wat ek moet doen! [*Aan Serebrjakow*] : ^(a)Jy sal nog aan my
dink! [*Af deur die middelste deur*]
[*Marija Wasiljewna volg hom*])

4 SEREBR JAKOW. ^(a)Wat in hemelsnaam is die betekenis van dit alles?
^(b)Verlos my tog asseblief van hierdie waansinnige! Ek kan on-
moontlik onder een dak met hom lewe! Hy woon ^(c)dáár [*wys na*
die middelste deur], feitlik langs my . . . Laat hom in die dorp
gaan bly, in die buitegebou, anders verhuis ek, maar in ^(a)dieselfde
huis as hy kan ek nie bly nie) . .

5 JEL JENA ANDRE JEWNA [*aan haar man*] : ^(a)Ons gaan vandag nog hier
^(b)Vandag nog.
weg! ^(c)Ons moet ons dadelik gereedmaak!

6 SEREBR JAKOW. Onbenullige ^(a)skepsel!)

7 SONJA [*op haar knieë, draai om na haar vader, senuweeagtig, deur*
haar trane heen] & Jy ^(a)moenie so streng oordeel nie, Pappie! Oom
Wánja en ek is so ongelukkig! [*Kry beheer oor haarself*] Jy moe-
nie so streng oordeel nie! Onthou jy nie meer toe jy jonger was
nie, toe Ouma en oom Wánja snags opgesit het om boeke vir jou
te vertaal en jou geskrifte oor te skryf . . . nagte lank . . . nag-
te lank . . . Oom Wánja en ek het gewerk sonder om te rus, ons
was bang om 'n enkele kopek vir onself te gebruik, alles het ons
na jou gestuur . . . Ons het ons brood verdien! Ek sê dit alles ver-
keerd, heeltemal verkeerd, ^(a)maar jy moet ons begryp, Pappie. Julle
moenie so streng oordeel nie)

8 JEL JENA ANDRE JEWNA [*opgewonde, aan haar man*] & Aljeksánder,
gaan praat in hemelsnaam met hom . . . Ek smeek jou . . .)

9 SEREBR JAKOW. Goed, ek sal met hom gaan praat . | . Ek ^(b)beskuldig
hom glad nie, ek is nie kwaad nie, maar jy moet tog erken dat sy
gedrag vreemd is, om die ^(c)minste daarvan te sê. Goed, ek sal na
hom gaan. [*Af deur die middelste deur*]

1 JEL JENA ANDRE JEWNA ^(C) Praat saggies met hom, kalmeer hom . . .
[Volg hom]

2 SONJA ^(C) Ag, njánja, liewe njánja!

3 MARINA ^(C) Toe maar, kindjie. Die ganse kekkel 'n rukkíe en dan is hulle weer stil . . . Kekkel en weer stil . . .

4 SONJA: (Njánja!)

5 MARINA [stree! haar oor die kop] ^(a) Jy bewe asof jy koud kry! Toe maar, toe maar, kindjie, die Here is genadig. 'n Bietjie lindeblomtee of framboostee, dan is dit weer beter ^(b). Moenie hartseer wees nie, my kleintjie . . . [Kyk na die middelste deur, kwaad]: Hoor hoe gaan hulle te kere, die ganse! 'n Skande!
[Agter die toneel klink daar 'n skoot; mens hoor Jeljena Andrejewna gil; Sonja krimp in mekaar]

6 MARINA ^(C) Na die duiwel met hulle almal!

7 SEREBR JAKOW [storm na binne, bewend van die skok] ^(a): Hou hom vas! Hou hom vas! Hy het gek geword!
[Jeljena Andrejewna en Wainitski worstel in die deuropening]

8 JEL JENA ANDRE JEWNA [probeer om die rewolwer van hom af te neem] ^(b) Gee dit hier! Gee dit hier, sê ek!

9 WAINITSKI ^(a) Laat my los, Hélène! Laat my los! [Bevry hom, storm na binne en kyk rond om Serebrjakow te vind] ^(b) Waar is hy? A, daár! [Skiet op hom] Bom! [Pouso] Mis? Weer mis? [Woedend]: Na die duiwel daarmee! [Smyt die rewolwer op die grond en sak uitgeput op 'n stoel neer. Serebrjakow is oorbluf; Jeljena Andrejewna leun teen die muur aan, byna flou]

10 JEL JENA ANDRE JEWNA ^(C) Neem my hier weg! Neem my weg, maak my dood. Ek kan nie meer hier bly nie, ek kan nie!

11 WAINITSKI [vertwyfeld] ^(a) Wat het ek gedoen? ^(b) Wat het ek gedoen?

12 SONJA [saggies] ^(a) Njánja! Njánja! |||| ^(b)

Skerm

VIERDE BEDRYF

Dieselfde vertrekke as in Tweede en Derde Budyf.

~~Wainitski se kamer: dit is sy slaaphamer en terselfdertyd ook sy kantoor. By die venster staan daar 'n groot tafel met karboeke en allerlei papiere, 'n lessenaar, boekrakke, 'n weegskaal. 'n Kleinere tafel vir Astrow met tekengereedskap en verf daarop; daarlangs 'n tekenportefeuille. 'n Kou met 'n spieël daarin. Aan die muur 'n landkaart van Afrika wat duidelik vir niemand van nut is nie. 'n Groot rusbank met 'n seildeck oortreksel. Links 'n deur wat na die ander vertrekke lei; regs 'n deur na die voorportaal, met 'n deurmat daarvoor sodat die boere nie die vloer sal vuil maak nie. Herfsaand. Stil.~~

Tjeljeghin en Marina [sit teenoor mekaar, besig om wol op te rol]

- 1 TJELJEGHIN: Jy moet gou maak, Marina Timoféjewna, netnou sal hulle ons roep om tot siens te kom sê. Hulle het al die perde laat inspan.
- 2 MARINA [probeer om vinniger te werk]: Daar is nie meer baie oor nie.)
- 3 TJELJEGHIN: Hulle gaan na Chárkow: hulle gaan daar woon.)
- 4 MARINA (Dit is beter so.)
- 5 TJELJEGHIN: Hulle het geskrik . . . „Ek wil nie 'n uur langer hier bly nie,” sê Jeljéna Andréjewna, „ons gaan weg . . . Ons gaan in Chárkow bly,” sê sy; „bring ons sake in orde, dan kan al ons goed agterna kom . . .” Hulle gaan sonder bagasie. | Hulle is nie bestem om hier te woon nie, Marina Timoféjewna . . . Die noodlot het anders beslis.
- 6 MARINA: Dit is beter so. Kyk na al die lawaai en die geskietery vanoggend . . . 'n Skande . . .
- 7 TJELJEGHIN: Ja, dit was 'n toneel wat 'n Aiwazowski sou kon geskilder het.
- 8 MARINA: ^(a) Ek hou nie van sulke dinge nie. | ^(b) [Pouse] ^(c) Nou sal ons weer soos vroeër kan lewe. Soggens om sewe-uur ontbyt, middagete om eenuur, en dan weer ete in die aand, alles op sy tyd . . . soos dit

Christenmense betaam. [Sug] Dis lank laas dat ek snysels geproe het, sondige skepsel wat ek is.

1 TJEL JEGHIN: ^(a)Ja, ons het lank laas snysels op tafel gekry! ^(b)[Pouse] Lank laas. ^(c)Vanoggend toe ek deur die dorp stap, Marina Timoféjowna, skreeu die winkelier, „Ho daar, genadebrood-eter!” Dit het my tog so seer gemaak.

2 MARINA: ^(a)Jy moenie van sulke dinge notisie neem nie. Ons eet almal genadebrood by die Here. Jý en Sónja en Iwán Petrówitsj ^(b)niemand sit hier en niksdoen nie, ons werk almal! Almal ^(c)! ^(d)Waar is Sónja?

3 TJEL JEGHIN: In die tuin. Sy en die dokter soek nog steeds na Iwán Petrówitsj. Hulle is bang dat hy hom sal probeer verongeluk.

4 MARINA: En waar is sy pistool?

5 TJEL JEGHIN [fluister]: Ek het dit in die kelder weggesteek.

6 MARINA [lag]: Nee, maar dis sonde!

[Wainitski en Astrow van buite op]

2 7 WAINITSKI: ^(a)Laat staan my. [Aan Marina en Tjeljeghin] ^(b): Gaan weg hier. ^(c)Laat my tog ten minste vir 'n uur alleen! Ek kan dit nie verdra om gedurig opgepas te word nie.

8 TJEL JEGHIN: Dadelik, Wánja [Op sy tone af]

9 MARINA: ^(a)n Spul ganse ^(b)kekkel, kekkel, kekkel! [Neem die wol, en af]

10 WAINITSKI: Laat my met rus!

11 ASTROW: Met die grootste gewilligheid; ek moes al lankal weg ge-wees het, maar ek herhaal, ek gaan nie voordat jy teruggee wat jy van my geneem het nie.

12 WAINITSKI: Ek het niks van jou geneem nie. [Albei sit]

13 ASTROW: So? Goed, dan ^(a)wag ek nog 'n rukkie, en daarna sal ek tot my spyt geweld moet gebruik ^(b)! Ons sal jou vasmaak en deur-soek. Ek is heeltemal ernstig. ^(c)Dat ek so 'n gek van myself ^(d)Kom

14 WAINITSKI: ^(a)Net soos jy wil. [Pouse] ^(b)Sulke onnuttigheid, om twee keer te skiet en hom elke keer te mis! Ek sal myself nooit verge-we nie!

15 ASTROW: As jy die drang voel om te skiet, sou dit beter gewees het om jouself 'n koeël deur die kop te ja.

- 1 WAINITSKI [^(a)~~baal sy skouers op~~]^(b): Eienaardig. Ek het probeer om iemand te vermoor en ek word nie in hegtenis geneem nie, niemand het die polisie ontbied nie. Julle dink dus dat ek ^(c)kranksinnig is. [*Lag bitter*] Ek is kranksinnig, en mense wat wegkruip agter die masker van 'n professor, 'n geleerde, om hul onbegaafdheid, stompsinnigheid en hemeltergende harteloosheid te verberg – hulle is nie kranksinnig nie. Mense wat 'n ou man trou en hom dan openlik bedrieg, is nie kranksinnig nie. Ek het gesien hoe jy haar omhels!)
- 2 ASTROW: Ja, ek het haar omhels, en dit is meer as wat jy ooit gedoen het!)
- 3 WAINITSKI [*kyk na die deur*]: Nee, die aarde is kranksinnig om toe te laat dat julle daarop bly)
- 4 ASTROW: Dis blote onsin)
- 5 WAINITSKI: Nou wel, ek is immers kranksinnig, onverantwoordelik, ek het die reg om onsinnighede kwyt te raak)
- 6 ASTROW: Hou nou op daarmee! Jy is nie kranksinnig nie, net eienaardig, 'n hanskors. Vroeër het ek gedink dat elke eienaardige mens siek is, maar nou glo ek dat dit vir die mens normaal is om eienaardig te wees. Jy is heeltemal normaal.||^(e)
- 7 WAINITSKI [~~bedek sy gesig met sy hande~~]^(a): Ek skaam my! As jy maar net geweet het hoe ek my skaam! Daar is geen pyn wat met hierdie vreeslike skaamte vergelyk kan word nie. [*Neerslagtig*]; Dis ondraaglik! [~~Sit sy kop op die tafel~~]^(b) Wat moet ek doen? Wat moet ek doen?
- 8 ASTROW: Niks.)
- 9 WAINITSKI: Gee my iets!|^(b) Genadige God . . . Ek is sewe-en-veertig jaar oud; as ek sestig word, lê daar nog dertien jaar voor. Dis lank! Hoe sal ek hierdie dertien jaar deurkom? Wat sal ek doen, waarmee sal ek die tyd vul?|^(a) Weet jy . . . [*Druk krampagtig Astrow se ^{skouer} hand*] Weet jy, as dit net moontlik was om wat van jou lewe oorbly opnuut te begin. Om een stil, helder oggend wakker te word en te voel dat jy opnuut begin lewe het, dat alles wat verby is, vergete is, weggewaai soos rook| [*Snik*] 'n Nuwe lewe . . .| Sê vir my| hoe moet ek begin? . . .| wat moet ek doen?) . . .

1 ASTROW [*ongeduldig*]: Kry tog klaar, man . . . Wat praat jy nog oor 'n nuwe lewe! Ons toestand, joune en myne, is hopeloos!

2 WAINITSKI: Ja?

3 ASTROW: Ek is daarvan oortuig.

4 WAINITSKI: Gee my iets . . . [*Wys na sy hart*] Dit ^(b)brand hier binne.

5 ASTROW [*roep kwaad uit*]: Hou nou op! [*Vriendeliker*]: ^(b)Die mense wat honderd, tweehonderd jaar ná ons lewe en ons sal verag omdat ons so dom en smaakloos geleef het – hulle sal miskien 'n middel vind om gelukkig te wees, maar óns . . . Vir jou en my het daar net één hoop oorgebly . . . Die hoop dat ons eendag, wanneer ons in die graf lê, sal kan droom, en dat ons drome miskien selfs aangenaam sal wees. [*Sug*]: Ja, my vriend, in hierdie geweste was daar net twee behoorlike, ontwikkelde mense, en dit was jy en ek. Maar in tien kort jare het die verfoeilike, banale lewe hier ons ingesluk; dit het ons ^(a)bloed met sy skadelike dampe vergiftig, en ons het net so banaal ^(e)geword soos al die ander mense. [*Lewendig*]: ^(e)Maar moenie probeer om my aandag af te lei nie. Gee terug wat jy van my geneem het.

6 WAINITSKI: Ek het niks van jou geneem nie.

7 ASTROW: ^(c)Jy het 'n flessie morfien uit my medisynekassie geneem ^(b)[*Pouse*]. Luister na my, as jy met alle geweld jou lewe wil beëindig, kan jy jou in die woud gaan skiet. Maar gee die morfien terug, anders kom daar praatjies, gissings, hulle sal glo dat ek dit aan jou gegee het . . . Vir my is dit heeltemal genoeg dat ek die lykskouing sal moet uitvoer . . . Of ^(a)dink jy miskien dat ek ^(e)dit interessant sal vind?

[*Sonja op*]

8 WAINITSKI: Laat my met rus.

9 ASTROW [*aan Sonja*]: ^(a)Sófja Aljeksándrowna, jou oom het 'n flessie morfien uit my medisynekassie geneem ^(b)en hy wil dit nie teruggee nie. Sê vir hom dat dit . . . nie baie verstandig is nie. Ek het geen ^(c)meer nie. Ek moet gaan.

10 SONJA: Oom Wánja! het jy die morfien geneem? [*Pouse*]

11 ASTROW: ^(c)Hy hét. Ek is daarvan oortuig.

12 SONJA: ^(a)Gee dit terug. Waarom wil jy ons almal skrikmaak? [*Lief*]

^(b)
 devol] : Gee dit terug oom Wánja ! ^(c)
 Miskien is ek net so ongeluk-
 kig soos jy, en ek wanhoop nie. Ek verduur dit en ek sal aanhou
 om dit te verduur totdat my lewe tot 'n einde kom . . | Jy moet dit
 ook verduur | [*Pouse*] Gee dit terug. [*Soen sy hand*] Liewe, goeie
 oom Wánja, gee dit terug. [*Sy buil*] Jy het so 'n goeie hart, jy sal
 ons tog nie dit aandoen nie, jy sal dit teruggee. Wees geduldig,
 Oom, wees geduldig ! |

1 WAINITSKI [*haal die flessie uit die laai van die tafel en gee dit aan*
Astrow]. ^(a) Hier, vat dit ! [*Aan Sonja*]. ^(b) Maar dan moet ons gou
 maak en begin werk, ^(c) anders kan ek dit nie uithou nie . . Ek kan
 nie . .

2 SONJA : ^(b) Ja, begin werk. Sodra ons vir hulle tot siens gesê het, sal
 ons aan die werk spring . . . [*Blaai senuweeagtig deur die papiere*
op die tafel] Ons het alles verwaarloos. ^(b)

3 ASTROW [*sit die flessie in sy medisynekassie en maak die rieme vas*]:
^(b) Nou kan ek gaan.

4 JEL JENA ANDRE JEWNA [*op*]. ^(a) Iwán Petrówitsj, is jy hier? ^(b) Ons ver-
 trek nou dadelik. Gaan na Aljeksándler, daar is iets wat hy vir jou
 wil sê. |

5 SONJA : Kom, oom Wánja, [*neem Wainitski aan die arm*] kom ons
 gaan. Jy en Pappie moet versoen raak, ^(b) dit moet ^(c) beslis.

6 JEL JENA ANDRE JEWNA [*Sonja en Wainitski af*]. ^(b) Ek gaan weg. [*Goo Astrow die hand*]
 Vaarwel. |

7 ASTROW : So gou?

8 JEL JENA ANDRE JEWNA : Die koets staan al gereed. |

9 ASTROW : Vaarwel.

10 JEL JENA ANDRE JEWNA : Jy het my vandag belowe om hier weg te
 gaan.

11 ASTROW : ^(a) Ek weet. Ek gaan nou dadelik. ^(b) [*Pouse*] ^(c) Het jy dan bang
 geword? [*Neem haar hand beet*] Is dit so vreeslik?

12 JEL JENA ANDRE JEWNA : Ja.

13 ASTROW : ^(a) Miskien moet jy maar liewer bly. Dink jy nie so nie? ^(b) Móre
 in die plantasie . . .

14 JEL JENA ANDRE JEWNA : ^(a) Nee . . . Daar is klaar besluit . . . En daar-

om ook kan ek jou reguit aankyk, omdat daar klaar besluit is dat ek hier weggaan . . . Ek wil jou net een ding vra : moenie sleg oor my dink nie. Ek sou graag dat jy meer agting vir my voel.)

1 ASTROW : Ag! ^(a) [Maak 'n ongeduldige gebaar] ^(b) Bly hier; ek vra jou om te bly. Besef tog dat jy niks in hierdie wêreld te doen het nie, jy het geen lewensdoel, niks om jou besig te hou nie, eendag sal jy jou tog aan jou gevoelens oorgee – dis onvermydelik. En dan is dit immers beter dat dit nie in Chárkow of êrens in Kóersk gebeur nie, maar hiér, te midde van die natuur . . . Dit is tog poëties, die herfs is pragtig . . . Hier het jy woude, half vervalde herewonings in die styl van Toergénjew) . .

2 JEL JENA ANDRE JEWNA : Jy is so vermaaklik . . . Ek is kwaad vir jou, maar tog . . . Ek sal altyd met plesier aan jou terugdink. Jy is 'n interessante, oorspronklike mens. Ons sal mekaar nie weer sien nie, dus waarom sou ek dit verswyg? Ek was sêlf 'n bietjie verlief op jou gewees. Laat ons mekaar nou die hand gee en as vriende van mekaar afskeid neem. En moenie sleg oor my dink nie. ^(d)

3 ASTROW : Ja, gaan dan maar . . . ^(b) [Nadenkend] : Jy lyk soos 'n goeie, hartlike mens, maar tog is daar iets vreemds in jou hele wese. Jy het hier aangekom met jou man, en almal wat hier gewerk het, besig om iets te verrig, iets tot stand te bring, moes sonder meer hul werk laat staan en hulle die hele somer met niks anders besig hou nie as met jou man se jig en met jou. Julle – jy en hy – het ons almal met jul niksdoen aangesteek. Ek het my ook laat meesleep, en die hele somer het ek niks uitgerig nie, terwyl daar intussen mense siek geword het en die boere hul vee in my aanplantings laat wei het . ^(d) Waar jy en jou man ook gaan, oral bring julle vernieling saam . . . Ek maak natuurlik net 'n grap, maar tog . . . dit is vreemd. Ek is daarvan oortuig, as julle hier moes bly, sou die verwoesting iets geweldigs gewees het . . . Ek sou vernietig word, en met jou sou dit nie veel beter afloop nie. Gaan dus maar. ^(e)
Finita la comedia!

4 ~~JEL JENA ANDRE JEWNA [neem 'n potlood van sy tafel en steek dit~~
~~gou in haar sak] . . . Ek sal dié potlood saamneem as aandenking.~~

5 ASTROW : Wonderlik tog . . . ons het mekaar geken, en nou meteens

... sal ons mekaar nie weer sien nie. So gaan dit altyd in die wêreld. ^(b) Solank ons nog alleen is, ^(a) solank oom Wánja nie met 'n bos blomme hier aankom nie, ^(c) sal jy toelaat dat ek jou soen? Ter afskeid ... Mag ek? ^(f) *[Soen haar op die wang]* So ... dit is goed ...

1 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a) Ek wens jou alle blydschap toe. ^(b) *[Kyk om]* ^(c) Goed dan, ^(a) vir één keer in my lewe! ^(e) *[Omhels hom hartstogtelik, waarna hulle mekaar haastig los laat]* Ek moet gaan.

2 ASTROW: Ja, maak gou. ^(a) Gaan dadelik as die heers gereed is.

3 JELJENA ANDREJEWNA: ^(a) Daar kom iemand! ^(b) *[Hulle luister]*

4 ASTROW: ^(a) *[Finita!]* ^(b)

[Serebrjakow, Wainitski, Marija Wasiljewna met 'n boek, Tjel-jeghin en Sonja op]

5 SEREBR JAKOW ^(a) *[aan Wainitski]*: Laat ons die dinge wat verby is, vergeet. Ná alles wat daar gebeur het, het ek in hierdie paar uur soveel deurgemaak en deurgeleef dat ek tot onderrig van die nageslag 'n verhandeling sou kan skryf oor hoe 'n mens moet lewe. Ek aanvaar graag jou verskonings, en ek vra jôu ook om verskoning. Vaarwel! ^(b) *[Hulle soen mekaar drie maal]*

6 WAINITSKI: ^(a) Jy sal gereeld dieselfde bedrag ontvang as vroeër. Alles sal wees soos dit was. ^(b) *[Jeljena Andrejewna omhels vir Sonja]*

7 SEREBR JAKOW ^(a) *[soen Marija Wasiljewna se hand]*: ^(b) Maman! ^(c)

8 MARIJA WASILJEWNA ^(a) *[soen hom]*: ^(b) Aljeksánders, jy moet jou weer laat afneem en my jou foto stuur. Jy weet hoe ^(c) *[lief ek vir jou is]*.

9 TJELJEGHIN: ^(c) Vaarwel, Eksellensie! Moet ons nie vergeet nie.

10 SEREBR JAKOW ^(a) *[soen sy dogter]*: ^(b) Vaarwel ... ^(c) vaarwel almal! ^(e) *[Gee Astrow die hand]* Ek dank u vir u aangename geselskap. ^(c) Ek ^(f) het die hoogste agting vir u opvattinge, u geesdrif, u besieling, ^(g) maar gun 'n ou man één toevoeging tot sy afskeidsgroet: ^(h) mens moet werk, vriende, mens moet werk! ⁽ⁱ⁾ *[Buig vir hulle almal]* Mag dit u goed gaan. ^(j) *[Af; Marija Wasiljewna en Sonja volg hom]*

11 WAINITSKI ^(a) *[soen innig Jeljena Andrejewna se hand]*: ^(b) Vaarwel ... Vergewe my ... Ons sal mekaar nie weer sien nie.

12 JELJENA ANDREJEWNA ^(a) *[ontroer]*: ^(b) Vaarwel, Iwán Petrówitsj. ^(c) *[Soen hom op die voorhoof en gaan]*

- 1 ASTROW [*aan Tjeljeghin*]. Wafel, gaan sê vir hulle dat hulle my koets ook moet bring.
- 2 TJELJEGHIN: Seker, my vriend. ^(b) [Af] ^(c)
[*Astrow en Wainitski bly alleen*]
- 3 ASTROW [~~maak die vers op die tafel bymekaar en pak dit in sy tas~~].
Waarom gaan jy hulle nie wegsien nie?
- 4 WAINITSKI: ^(a) Laat hulle maar gaan, ek . . . ek kan nie. Dit is vir my te moeilik. ^(b) Ek moet gou maak en my met iets besig hou. ^(c) Werk, werk! [*Kyk die papiere op die tafel deur*] ^(d)
[*Pouse; die geluid van klokkies*]
- 5 ASTROW: Hulle is weg. Die professor sal bly wees. Jy sal hom met geen geweld weer hier kry nie.
- 6 MARINA ^(a) [op] ^(b) Hulle is weg. ^(c) [*Gaan sit in die loungestoel en begin aan 'n boek braai*].
- 7 SONJA ^(a) [op] ^(b) Hulle is weg. ^(c) [*Vee haar oë af*]. ^(d) Mag dit hulle goed gaan. [*Aan haar oom*]: Kom, oom Wánja, laat ons iets doen.
- 8 WAINITSKI: Werk, werk. . .
- 9 SONJA: Dit is so lank gelede dat ons laas saam by hierdie tafel gesit het. [~~Steek die lamp op die tafel aan~~]. Ek dink die inktpot is leeg. . . [~~Neem die inktpot, gaan na die kas en vul dit~~]. Ek vind dit tog so treurig dat hulle weggegaan het. ^(c)
- 10 MARIJA WASILJEWNA ^(a) [stadig op] ^(b) Hulle is weg. [*Gaan sit en verdiep haar in haar boek*].
- 11 SONJA [~~gaan sit by die tafel en blaai deur die rekeningboek~~]. Laat ons eers die rekeninge uitskryf, oom Wánja. Ons het hulle vreeslik verwaarloos. Vandag nog het iemand om sy rekening gevra. Kom ^(a) ons skryf. As jy die een neem, neem ek die volgende. ^(b)
- 12 WAINITSKI [skryf]: „Aan gelewerde rekening. . .” [*Albei skryf swygend*].
- 13 MARINA ^(a) [gaap] ^(b): Ek is nou al vaak.
- 14 ASTROW: ^(a) Alles is stil. Die penne kras, die kriekie tjiip. Warm, gesellig. ^(b) ^(c) Dit is jammer om hier weg te gaan. [*Die geluid van klokkies*]. ^(d) Daar is my perde reeds . . . Al wat daar vir my oorbly, is om van julle afskeid te neem, liewe vriende, ~~en van my tafel,~~ en dan ^(e) op pad! [*Bêre sy hante in die portofonjie*].

1 MARINA: ^(c)Waarom is jy so haastig? Bly sit nog 'n rukkie.

2 ASTROW: ^(a)Ek kan nie.

3 WAINITSKI ^(b)[skryf]: „Oorgedra, twee roebel vyf-en-sewentig „.”

^(b)[’n Arbeider op

4 DIE ARBEIDER: ^(b)Michaïl Ljówitsj, jou perde is gereed.)

5 ASTROW: ^(b)Ek het hulle gehoor. [^(b)Gee hom sy medisynekassie, ~~tas en portefeulje~~]. ~~N neem hier, Pas op dat die portefeulje nie gebuig word nie.~~

6 DIE ARBEIDER: ^(b)Reg, dokter. [^(b)Af]

7 ASTROW: ^(a)Nou wel, .. [^(b)Begin afskeid neem]

8 SONJA: ^(a)Wanneer sal ons u weer sien?

9 ASTROW: ^(a)Seker nie voor die somer nie. Nouliks hierdie winter. ^(b)Maar natuurlik, as daar iets ^(b)gebeur, moet julle my laat weet, dan kom ek. ^(d)[^(b)Gee haar die hand]. ^(e)Ek dank julle vir julle gasvryheid, julle vriendskap ... om kort te gaan, vir alles. [^(f)Gaan na die oppasster en ^(a)soen haar op die kop]. ^(a)Vaarwel, ou vroutjie.)

10 MARINA: ^(a)Gaan jy dan weg sonder tee?

11 ASTROW: ^(a)Ek wil nie tee hê nie, njánja.)

12 MARINA: ^(a)Miskien ’n glasier wodka?

13 ASTROW: ^(a)[^(b)daarsel] | ^(b)Ja, dit wel. . . ||| ^(c)

[^(a)Marina af]

14 ASTROW [^(a)na ’n pouse]: ^(b)My een perd loop ’n bietjie mank. Ek het dit gister al gesien toe Petróesjka hom water gee.)

15 WAINITSKI: ^(a)Jy sal hom weer moet laat beslaan.

16 ASTROW: ^(a)Ek sal by die hoefsmid in Rozidéstwenoje moet aangaan. Daar is niks anders aan te doen nie. ||| ^(b)Gaan na die kaart van Afrika en kyk daarna. ^(a)In Afrika is die hitte nou seker iets ontsettends!)

17 WAINITSKI: ^(a)Ja, waarskynlik ^(b)

18 MARINA: ^(a)[kom terug met ’n skinkbord waarop daar ’n glasier wodka en ’n stukkie brood is]. ^(b)Hier is dit.

[^(a)Astrow drink die wodka] ^(b)

19 MARINA: ^(a)Op jou gesondheid, doktertjie. [^(b)Buig diep] Wil jy nie ’n stukkie brood daarby eet nie?

20 ASTROW: ^(a)Nee, dit is goed so. ^(b)[^(c)Nou wel, alles van die beste! [^(d)Aan Marina]]. ^(c)Moenie saamkom nie, njánja. Dit is nie nodig nie.

- [Af; Sonja volg hom met 'n hars om hom uit te laat] ^(e) Marina gaan in haar leunstoel sit]
- 1 WAINITSKI [skryf] ^(a): „2 Februarie, 20 pond lynolie . . || 16 Februarie, weer 20 pond lynolie . . || Bokwiet . . .” [Pouse] ^(b)
[Die geluid van klokkies]
- 2 MARINA ^(a): Hy is weg. [Pouse] ^(b)
- 3 SONJA ^(a) [kom terug en sit die hars op die tafel neer] ^(b): Hy is weg. ^(c)
- 4 WAINITSKI [~~tel op die telraam en skryf~~] ^(a): „Totaal . . . vyftien . . . vyf-en-twintig . . .” ^(b)
[~~Sonja gaan sit en skryf~~]
- 5 MARINA [~~gaap~~] ^(a): Ag, mag die Here ons sondes vergewe! ^(b)
[~~Tjeljeghin kom op sy tone binne, gaan sit by die deur, en begin og saggies sy ghitaar speel~~]
- 6 WAINITSKI [~~aan Sonja teruyl by haar oor die hars stryk~~]: My kind, dit is so swaar! As jy maar geweet het hoe swaar dit is!
- 7 SONJA: Wat kan mens daaraan doen, ons moet tog verder lewe. [Pouse] Ons sal verder lewe, oom Wánja. Ons sal 'n lang, lang reeks dae en eindelose aande deurlewe; ons sal die beproewings wat die noodlot ons oplê, geduldig verduur; ons sal vir ander mense werk, nou en ook wanneer ons oud is, sonder om te rus; ^(a) en wanneer die tyd aanbreek, sal ons woordeloos sterwe. Maar dan, aan die ander kant van die graf, ^(b) sal ons vertel dat ons gely het en dat ons trane gestort het en dat ons lewe bitter was, en God sal hom oor ons ontferm, en ons sal saam 'n nuwe lewe sien, liewe oom Wánja, 'n lewe wat lig en mooi en heerlik is. Dan sal ons bly en gelukkig wees en met 'n glimlag terugdink aan al ons verdriet – en ons sal rus. ^(c) Ek glo dit, Oom, ek glo dit vurig en innig. [~~Kniel voor hom en lê haar kop op sy hande; met vermoeide stem~~]: Ons sal rus!
[Tjeljeghin speel saggies op sy ghitaar]
- 8 SONJA: Ons sal rus! Ons sal die engele hoor, ons sal die lug vol diamante sien; ons sal sien hoe al die kwaad op aarde en al ons lyding wegsink in die barmhartigheid wat die hele wêreld sal vul, en ons lewe sal stil en vreedsaam en soet wees soos 'n liefkosing. Ek glo dit, ek glo dit. ^(a) [Vee met haar sakdoek sy trane af] ^(b) Arme

oom Wánja, jy huil . . || [*Met trane*] : ^(c) Jy het in jou lewe so min
vreugde geken, maar wag net, oom Wánja, wag net . . . Ons sal
rus . . . [*Sit haar arm om hom heen*] Ons sal rus! [*Buite klop die
nagwag*]

lees.

[*Tjeljeghin speel saggies; Marija Wasiljewna maak aantekeninge
in die kantlyn van haar pamflet; Marina brei aan haar kous*]

| SONJA: Ons sal rus! ||| ^(c)

Die skerm sak stadig
